Literêre pryse: ’n Oorsigtelike bespreking met voorbeelde uit die Afrikaanse literêre veld

Marni Bonthuys en Ronel Foster

Marni Bonthuys, Universiteit van Wes-Kaapland en Ronel Foster, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Literatuurpryse het ’n lang geskiedenis en kan beskou word as ’n noodwendigheid binne die meeste literêre velde. Dit is verder ’n verskynsel wat heelwat media-aandag ontlok en verskeie voordele vir literêre rolspelers soos skrywers en uitgewerye (kan) inhou. Dit het veral ’n belangrike kanoniserende funksie – toenemend, in ’n era waarin kommersiële aandag ’n al groter rol in die literêre veld (asook ander kultuurvelde) speel. Tog is literêre bekronings, asook die breër terrein van literêre evaluering, nie histories ’n onderwerp wat dikwels deur letterkundiges akademies ondersoek word nie. Die vernaamste rede hiervoor is die hiërargiese element verbonde aan kultuurpryse wat dit volgens sommige akademici te subjektief sou maak om vanuit ’n wetenskaplike hoek te ondersoek, asook die skouspel en omstredenheid wat geneig is om met die prysverskynsel gepaard te gaan.

In hierdie artikel word gepoog om die verskynsel van literêre pryse te belig deur aandag te skenk aan fasette soos die geskiedenis en proliferasie daarvan; die verwerwing en uitruiling van kapitaal – veral in die simboliese sin – wat deel uitmaak van die bekroningsproses; die kanoniseringsfunksie van literatuurpryse en die veranderende posisie van literêre hekwagters; die rol of bydrae van pryse binne die literêre veld; en ten slotte die kwessie van omstredenheid as kenmerkende eienskap van die kultuurprys. Telkens word die bespreking belig met voorbeelde uit die Afrikaanse literêre veld. Pierre Bourdieu se veldteorie word as teoretiese raamwerk benut en begrippe soos *simboliese kapitaal*, *sosiale kapitaal*, *simboliese mag* en die *produksie van geloof* word ingespan om verskillende fasette van die bekroningsproses te ondersoek. James F. English (2005) se seminale teks *The economy of prestige*, wat steeds ’n toonaangewende bron oor kultuurpryse is, asook onlangse studies oor literêre evaluering en kultuurpryse, word voorts betrek. Uiteindelik is dit die argument dat literatuurpryse deur die literatuursosiologiese navorser as belangrike kanoniserende en vormgewende verskynsel binne die hedendaagse literêre veld verstaan en verken moet word.

Trefwoorde: Afrikaanse literêre veld; Pierre Bourdieu; hekwagters; kanonisering; literatuurpryse; literêre evaluering

Abstract

Literary prizes: A brief overview and discussion of literary prizes with examples from the Afrikaans literary field

Literary prizes have a long history in most literary fields and are known to generate media attention for authors and other literary role players, such as publishers. It has become an important mechanism of canonisation, especially since commercial attention is increasingly becoming a determining factor within the broader cultural field. Traditionally, literary prizes have, however, not been a topic that garnered much academic interest. The reason for this lacuna concerning academic research relates to the hierarchical nature of all cultural prizes, as well as the broader field of literary evaluation, and the perception that it is, therefore, too subjective a process to be investigated scientifically. The phenomenon of literary prizes also tends to be accompanied by showmanship and controversy which the academic literary establishment often finds distasteful. In this article we argue that literary prizes are, however, an important part of the literary field today. Literary critics and researchers who aim to understand how the literary field functions need to be cognisant of the role and impact of prizes.

We explore literary prizes with regard to their history in the cultural field and the proliferation of prizes in the past few decades; the acquisition and exchange of capital – specifically in the symbolic sense – that is part and parcel of the award process; prizes as a canonisation mechanism and the changing nature of literary gatekeepers; the role and impact of prizes within the literary field; and lastly controversy as a distinct characteristic of the awards circuit. Examples from the Afrikaans field are employed to expand on the discussion.

Concerning theory, the framework of literary evaluation is utilised as well as James F. English's (2005) seminal text on cultural prizes, *The economy of prestige*, which is still relevant nearly two decades after publication. The currently available research on the Afrikaans, English and Dutch literary prizes is referenced as well as the field theory of Pierre Bourdieu. Bourdieu's work is discussed at length in English's book as well as in most of the research articles on prizes we reference. Concepts such as *symbolic capital*, *social capital*, *symbolic power* and the *production of belief* are integral to the understanding of the role of awards within the literary field, as the gains derived from the winning of a literary prize are not mainly monetary, even though prize money can be substantial (especially when funded by commercial organisations as is the case, for example, with the kykNET-*Rapport* Book Prizes in Afrikaans). Important prizes within a literary field (the Ingrid Jonker Prize may serve as an example in the Afrikaans field) do not necessarily involve large amounts of money for the authors of the winning texts. Furthermore, popular fiction, rather than more academically acclaimed texts, are the best sellers in most literary fields even though being crowned with a literary prize can increase book sales. When it comes to literary awards, the rewards gained can best be described as *symbolic capital*, a term famously used by Bourdieu (1993, 1994) to explain the functioning of the literary field.

Symbolic capital indicates recognition and prestige. *Social capital*, another term employed by Bourdieu to refer to status and influence, is also very relevant on the awards circuit. Authors who win many literary prizes can even become literary celebrities in a particular literary field. With this in mind, the role of showmanship and controversy becomes apparent, since celebrity feeds off publicity – something which literary awards seem to generate, particularly when contention and disputes accompany the prize or prize event. To illustrate this phenomenon of media attention several Afrikaans examples are mentioned in the article, such as the controversy surrounding the impact of Afrikaner nationalism on certain historical awards made by the South African Academy for Science and Art, the non-awarding of the Ingrid Jonker Prize in 2010, the race debacle surrounding the judging of the Media24 Books Literary Awards in 2020 and Johann de Lange's recent refusal of the South African Literary Award (SALA) for Poetry in 2021. As many researchers have noted, capital intraconversion is, therefore, an important aspect of literary prizes. Winners (and, in some cases, nominees as well) gain symbolic or social capital after receiving a literary award. This leads to media attention which results in economic gains and symbolic capital for other agents (such as publishers) involved in the production of the prizewinning text. The celebrity status of the winners also promotes the symbolic and cultural capital of the prize as well as of the organisation which issues the prize.

English (2005) repeatedly makes the point that there has been a "proliferation of modern cultural prizes" since the 1900s. This development is also apparent in Afrikaans, although somewhat later in the 20th century and 21st century than abroad. Literary prizes as a form of literary evaluation essentially contribute to the canonisation of literature, just like other forms of literary evaluation, such as literary criticism and literary education / academia. The argument is, however, made by some researchers that literary criticism (as well as education) is being replaced by new gatekeepers such as new types of literary prizes and social media. Websites dedicated to books, like Goodreads, and social media groups, like the Afrikaans Facebook group Lekkerleesboekrak, play an increasingly large role in the marketing and reviewing of books. Literary prizes of a commercial nature are also playing an increasingly important role. Traditionally scientific academies or organisations with government affiliations dominated the award sector. To this day a prize such as the renowned Hertzog Prize of the South African Academy for Science and Art is the most important literary prize in Afrikaans. Prizes of a large monetary value and wide media reach, like the kykNET-*Rapport* Book Prizes in Afrikaans, are, however, also growing in importance. This trend of shifts in the type of gatekeeping in a literary field is a worldwide phenomenon and is resulting in a more rapid canonisation process, often influenced by commercial factors.

De Nooy (1988) created categories or statuses to distinguish between the importance and canonising impact of various literary awards. He placed older awards with large prize money for oeuvres, administrated by academies or the government, first (such as the Hertzog Prize); then smaller yet established prizes with longer histories and/or big prize money in the middle group (for example the kykNET-*Rapport* Book Prizes, W.A. Hofmeyr Prize and the Ingrid Jonker Prize in Afrikaans); and debut prizes with small prize money and short histories (such as the Protea Poetry Prize in Afrikaans) in the last or "lowest" category. De Nooy's categories are somewhat dated today, and as illustrated in the article the division of existing literary prizes into the different categories is problematic.

With regard to the role of prizes, various impacts (social, institutional, political, ideological and economical) are mentioned and briefly discussed together with relevant examples from the Afrikaans literary field. Ultimately, the awards process is part of what Bourdieu calls the

production of belief which lies at the root of the formation of the literary field. It consists in the idea that art (or literature) has intrinsic value which can be identified through processes such as literary evaluation. Awards, according to this belief, can and should judge literature in a sort of political, social and economic vacuum and reward "the best text". In this article we try to unpack the process and role of awards by exploring the phenomenon as not merely a mechanism to identify "the best literature". We also aim to illustrate the importance of prizes when it comes to the understanding of the functioning of the literary field and literary gatekeeping today.

Keywords: Afrikaans literary field; Pierre Bourdieu; canonisation; gatekeeping; literary evaluation; literary prizes

1. Inleiding

In die eerste sin van English (2005:1) se *The economy of prestige*, 'n toonaangewende studie oor kultuurpryse, word betoog: "This is a book about prizes in literature and the arts, the stunning rise of which over the past hundred years is one of the great untold stories of modern cultural life." Hy illustreer in hierdie boek dat kultuurpryse by uitstek gemoeid is met die ekonomiese dimensies van kultuur en, in die terminologie gemunt deur die sosioloog Pierre Bourdieu, met simboliese, kulturele en sosiale kapitaal. Tog is dit, soos English suggereer, nie 'n terrein wat heelwat akademiese navorsing ontlok nie – 'n waarneming deur Bonthuys (2016) en Paauwe (2017) herhaal wat Afrikaans en Nederlands betref.

Meer navorsing oor bekronings het wél sedert die publikasie van English se boek verskyn – naas Bonthuys (2016) en Paauwe (2017) ook Childress, Rawlings en Moeran (2016), Van Jaarsveld (2017), Erasmus-Alt (2019) Stinson (2019) en De Greve en Martens (2021) wat in die afgelope vyf jaar in Afrikaans, Nederlands en Engels studies oor literêre pryse gepubliseer het.[1] Literatuurpryse bly egter 'n beperkte wetenskaplike navorsingsterrein in vergelyking met ander literêre ondersoeksvelde, met English (2005) se teks as een van die belangrikste akademiese bronne oor die onderwerp wat in ál bogenoemde studies bespreek of vermeld word.

Proliferation of prizes is 'n frase wat telkens woordeliks voorkom in navorsing oor die wyse waarop literatuurpryse toegeneem het in die laaste paar dekades – sien ook Norris (2006) en Best (2008) – en wat dus oorgeneem word in hierdie artikel. Hierdie proliferasie word volgens English (2005:3) dikwels heel sinies bestempel as tekenend van 'n samelewing wat volledig verbruikersgerig is en net in terme van beroemdheid en (kommersiële) sukses aan artistieke prestasie dink. Pryse verteenwoordig hiervolgens 'n besmetting eerder as 'n viering van kuns. English (2005:3–4) sien egter "the wild proliferation of prizes since about 1900" as een van die belangrikste rolspelers binne die kultuurveld – "a key to transformations in the cultural field as a whole". Hy vervolg: "And in the specific workings of prizes – their elaborate machineries of nomination and election, presentation and acceptance, sponsorship, publicity, and scandal – it finds evidence of the new arrangements and relationships that have come to characterize that field."

English (2005:7–10) steun dus 'n meer realistiese beskouing van die implikasies en rol van pryse eerder as 'n blote negering daarvan (as die kommersialisering van kuns) óf as die mitologisering daarvan (as 'n profetiese uitwysing van "ware" of "groot" kuns). In ons artikel

word ’n soortgelyke argument gevoer. Literatuurpryse speel ’n toenemend belangrike rol in die literêre veld – al gaan dit dikwels gepaard met omstredenheid en ’n mate van kulturele skouspel. Dit is ’n toonaangewende vorm van literêre evaluering, ’n belangrike kanoniseringsmeganisme en ’n terrein waar kapitaaluitruiling (“capital intraconversion” of “transformation of capital”) plaasvind. Om hierdie rede behoort literêre pryse wetenskaplik ondersoek te word. Die meganisme van hierdie verskynsel en wat dit oor die eietydse literêre veld sê, behoort vir álle literatuursosiologiese ondersoekers van belang te wees.

2. Teoretiese vertrekpunte: Literêre evaluering en Bourdieu se veldteorie

Aangesien literêre pryse waardeoordele asook die hiërargisering van tekste behels, behoort dit tot die gebied van literêre evaluering. Viljoen (2013) wys uit die staanspoor in die lemma oor literêre evaluering op *Literêre terme en teorieë* se webtuiste daarop dat die evaluering van literatuur ’n “polisemiese begrip” is, juis omdat dit die toekenning van waarde inhou. Die proses van waardetoekenning het ’n sterk subjektiewe element en Viljoen (2013) wys, soos English, daarop dat dit gevolglik ’n navorsingsterrein is wat dikwels vermy word, aangesien dit as onwetenskaplik en omstrede beskou word. Die ironie is egter dat, soos Hinderer (1969:54) opmerk, die blote keuse van ’n teks vir bespreking, hetsy as voorgeskrewe teks in die onderwys of as die onderwerp van ’n akademiese bespreking, reeds ’n aanduider van literêre waarde is. Van Gorp, Delabastita en Ghesquiere (2007:158) onderskei voorts evaluering as die derde faset van literêre kritiek naas ontleding en interpretasie: “Terwijl analyse en interpretatie zich bij de ‘objectieve’ tekstuele gegevens trachten te houden, worden we in de evaluatie geconfronteerd met normen en waarden.” Die literatuurkritiek is naamlik, soos resensering, die institusie waar literêre evaluering die opmerklikste plaasvind. Wanneer literêre evaluering ondersoek word, staan die begrippe *intrinsieke waarde* en *ekstrinsieke waarde* sentraal, met eersgenoemde wat volgens Hirsch (1969:25–32) te make het met aspekte eie aan die teks (byvoorbeeld genrevereistes, digtheid en struktuur), terwyl laasgenoemde betrekking het op faktore buite die teks (politiek, moraliteit, ideologie en smaak).

Die breë veld van literêre evaluering is dus nog altyd met omsigtigheid deur wetenskaplike navorsers benader. Met die ontwikkeling van die resepsie-estetika in die laat 1960’s het akademiese studies waarin literêre kritiek, en spesifiek resensies waar eksplisiete waardeoordele oor letterkunde sentraal staan, egter meer algemeen geraak. Van Rees, Janssen en Verboord (2006:242) stel dit dat die literatuurkritiek die institusie is wat tradisioneel die belangrikste rol binne die literêre veld gespeel het ten opsigte van die erkenning van kultuurprodukte as legitieme vorme van kultuur. Spinoy (2008:9–10) beskou literêre pryse as ’n meer eietydse manifestering van hierdie literêre institusie. Hy vermeld ook die rol van die literatuuronderwys as kanoniserende institusie. Die literatuuronderwys het egter volgens Spinoy (2008:13) agteruitgegaan (al minder studente studeer letterkunde) en literêre kritiek is gemarginaliseer (koerante en tydskrifte bestee minder bladruimte daaraan). Hierdie sentiment oor die agteruitgang van literatuurkritiek en die literatuuronderwys (op skool én universiteit) word herhaal deur Bernaerts (2017:182) wat ook die belang van “nieuwe structuren en instituties” (soos literêre pryse) benadruk. In ’n 2021-artikel stel De Greve en Martens dit dat daar ’n onlangse toename in akademiese belangstelling in literêre pryse en literatuurkritiek in die algemeen is. Hulle meld egter dat die fokus in talle van hierdie studies steeds op die druk is wat tradisionele literêre institusies as sogenaamde hekwagters beleef. De Greve en Martens

(2021) asook Driscoll (2013) het dit veral oor die rol van sosiale media – 'n faktor wat ook later in hierdie artikel met betrekking tot die Afrikaanse konteks belig sal word.

English (2005:7) skryf die belangrike rol wat pryse binne die kultuurveld (en dus literêre veld) speel toe aan die feit dat dit tans die beste instrument vir "capital intraconversion" is. Hy span Bourdieu se teorieë in wanneer hy die rol van pryse omskryf, naamlik dat pryse gebruik word om kulturele kapitaal om te sit in onderskeidelik ekonomiese kapitaal, sosiale kapitaal en politieke kapitaal (English 2005:10–2). Bourdieu is bekend vir sy veldteorie waarmee hy die werking van die kulturele establishment beskryf en verduidelik. Dit is sy sentrale argument dat die kompetisie om mag tussen verskillende agente (oftewel rolspelers) die formasie van die kultuurveld bepaal. Mag in kultuurvelde (byvoorbeeld die literêre veld) is egter nie noodwendig iets konkreets soos in die ekonomiese of politieke veld nie, maar, aldus Bourdieu (1993, 1994), iets meer abstraks – hy noem dit *simboliese mag*, soos erkenning en prestige. Hy gebruik die begrippe *sosiale kapitaal* of *status* (wat dui op beroemdheid of bekendheid in die veld) en *kulturele kapitaal* (wat dui op byvoorbeeld akademiese opleiding) om hierdie abstrakte bates te verwoord. Bourdieu se navorsing sentraliseer dus kwessies soos waardetoekenning en hiërargisering en maak die argument dat sogenaamde *intrinsieke waarde* merendeels met mag te make het. Hy gebruik voorts die begrip *produksie van geloof* om die voortdurende produksie van die "'charismatic' ideology" dat kuns intrinsieke waarde het, te beskryf (Bourdieu 1993:76). Die produksie van geloof gaan dus om die sirkulasie van bepaalde idees wat al so gevestig is dat dit as algemene kennis of waarhede aanvaar word: "a whole philosophical doxa carried along by intellectual rumour" (Bourdieu 1993:32).

Soos English (2005) word Bourdieu se veldteorie deur die meerderheid navorsers gebruik wat wel oor literatuurpryse skryf. In 'n bron oor die Australiese literêre veld skryf Stinson (2013:211): "I think that the Bourdieusian notion of symbolic capital remains particularly useful for indexing the relative prestige and influence of institutions like prizes, whose value cannot be captured in economic terms alone." Administrateurs, beoordelaars, borge, kunstenaars en ander persone betrokke by pryse is hiervolgens agente van hierdie binneveldse proses van kapitaaluitruiling, en pryse help om kulturele transaksies tussen dié rolspelers te fasiliteer.

Oor die sirkulêre uitwisseling van simboliese mag verbonde aan 'n prystoekenning skryf English (2005:122–3):

> Indeed, it is the first axiom among prize administrators that the prestige of a prize is reciprocally dependent on the prestige of its judges. […] The stature of the judges guarantees the stature of the prize (hence, among other things, the willingness of the designated recipient to accept it), and the stature of the prize guarantees the honor associated with judging it.

Ook Childress e.a. (2017:50–1) beklemtoon dat dit nie net tekste, skrywers en uitgewers is wat bekroon of vereer word tydens die prystoekenningsproses nie, maar dat "consecration is a fundamentally relational social process in which power is symbolically defined and redefined as based upon positions within an underlying field of contestation". Beoordelaars, prysborge, literêre genres en selfs universiteite (dink byvoorbeeld aan bekroonde tekste wat spruit uit MA's in kreatiewe skryfwerk of bekroonde skrywers wat aan universiteite doseer) verwerf simboliese kapitaal in die proses.

3. Agtergrond: Die proliferasie van pryse

English (2005:18–9) herhaal dikwels dat daar in die 1900's 'n groot toename in kultuurpryse regoor die wêreld was. Hy gee te kenne dat dit toegeskryf kan word aan faktore soos bevolkingsgroei; ekonomiese ontwikkelings en die toename in die beskikbaarheid van produkte en dienste, asook die geweldige groei wat kulturele praktyke betref – byvoorbeeld die produksie en verkoop van boeke, kaartjies vir kultuurgeleenthede (soos die opkoms van verskeie kultuurfeeste in Suid-Afrika) en kunsprodukte. Verroen (1995:244) skryf oor die Nederlandse literêre veld dat die persepsie bestaan dat álle "invloedrijke schrijvers" op die een of ander stadium met 'n literêre prys bekroon sal word – 'n sentiment herhaal deur Stinson (2013:210) oor die Australiese boekbedryf. 'n Mens sou kon veronderstel dat hierdie aanname wat Verroen en Stinson vermeld, selfs meer algemeen is in kleiner letterkundes, soos dié van Nederlands en Australiese Engels, en ook dan Afrikaans. English (2005:28–30) herlei die proliferasie van pryse na die ontstaan van die Nobelprys vir literatuur in 1901, terwyl Street (2005:821) die toename in pryse as 'n gevolg van die ontwikkeling van die kapitalisme in die 18de eeu beskou. Laasgenoemde verbind die ontstaan van die literêre prys soos ons dit vandag ken (English verwys deurgaans in sy boek na die "modern" kultuurprys) met die instelling van die Franse Prix Goncourt vir literatuur in 1903.

Volgens English (2005:60–3) is die proses van die proliferasie van pryse die gevolg van die feit dat elke prys 'n bepaalde sosiale agenda het wat die deur oopmaak vir 'n nuwe prys wat opgestel word téén hierdie agenda en weer 'n ander agenda voorstaan. Die skep van nuwe pryse is dus uiteraard 'n vorm van magsverkryging, aangesien 'n persoon of 'n instansie hul bepaalde agenda of kriterium die uitgangspunt van 'n prys maak om hul posisie in die veld te vestig. 'n Afrikaanse voorbeeld hier is die Protea Poësieprys wat volgens Kleyn (2013:106) deur Protea Boekhuis ingestel is in 'n poging om die "status van die Afrikaanse poësie te bevestig". Hierdie uitgewery, wat, soos Kleyn (2013:76) aandui, sedert 1999 'n belangrike bydrae op die gebied van Afrikaanse digbundels lewer, sou uiteraard baat by (nog) 'n prys vir Afrikaanse poësie. Uit die stal van Protea Boekhuis se grootste kompetisie wat die publikasie van Afrikaanse digbundels betref, naamlik NB-uitgewers (sien Venter 2006:567),[3] kom die Media24-boekpryse wat van die mees gekanoniseerde literatuurpryse in die Afrikaanse literêre veld insluit. Een van hierdie pryse, die W.A. Hofmeyr-prys, is van die oudstes in Afrikaans volgens Pople (2019) en bestaan al sedert 1954 (Erasmus-Alt 2019:114). Die Protea Poësieprys is tydens die Versindaba-fees uitgereik en is net tussen 2005 en 2011 toegeken totdat hierdie fees by die Woordfees ingelyf is (Esterhuizen 2012). Interessant genoeg word die Elisabeth Eybers-prys, spesifiek vir poësie, kort hierna in 2013 deur Media24 in die lewe geroep (Anoniem 2013).

Een van die wenners van die Protea Poësieprys, Loftus Marais, verower met sy debuut, *Staan in die algemeen nader aan vensters*, ook drie ander Afrikaanse pryse in 2009, naamlik die Eugène Maraisprys, die Ingrid Jonker-prys en die Universiteit van Johannesburg se debuutprys (UJ-debuutprys) (De Vries 2011). Die verskynsel dat sekere tekste veelvuldige pryse verower, dui daarop dat die stelling nie bloot gemaak kan word dat literêre pryse tekste aan die hand van die spesifieke toekennings se onderskeie agendas of kriteria bekroon nie. Die argument sou gemaak kon word dat die veelbekroondheid van 'n teks juis meegebring word deur die literêre waarde daarvan. English (2005:334) se verklaring hiervoor is egter dat daar 'n "winner-takes-all"-paradigma ontstaan waar die media kennis neem van "celebrities" (Erasmus-Alt (2019:81–2) verwys na die "literêre glanspersoon") en gevolglik hierdie skrywers se werk by voorkeur bekroon. Childress e.a. (2017:50) maak 'n soortgelyke argument as English en skryf: "[N]othing succeeds like success." Ook Bonthuys (2016) betoog in haar proefskrif dat

veelbekroonde debuutdigters dikwels al opvallende mediaprofiele opgebou het teen die tyd dat hulle debute pryse wen. Sy verwys hierna as die vestiging van ’n *posture* (’n term gemunt deur Meizoz 2010) wat dui op die (bewuste) medekonstruksie deur die skrywer self en ander rolspelers om ’n bepaalde literêre persona of “postuur” binne die literêre veld tot stand te bring.

Dit blyk dus dat vroeëre sukses (ook in die vorm van bekronings) en sosiale kapitaal as ’n aanbeveling kan dien vir die verowering van verdere literêre pryse. Die argument word dan ook herhaaldelik deur Verdaasdonk (2008:134–5, 143) in verskeie hoofstukke van sy boek oor die Nederlandse literêre veld, *Snijvlakken van de literatuurwetenschap*, gemaak dat bekronings soos die beroemde P.C. Hooft-prijs bepaal word deur watter pryse die betrokke skrywer vantevore verower het. Hierdie verskynsel van “literêre napratery” word uitgebreid opgeteken deur Janssen (1994:195–6) in haar navorsing oor die literêre kritiek. Sy noem dit die “reproduksiemeganisme”, terwyl De Nooy (1991:512–4) na die herhalings binne die literêre veld as “orkestrasie” verwys.

Die proliferasie van pryse mag ’n meer onlangse verskynsel wees, maar die instelling van die kultuurprys het sy wortels veel vroeër as die 20ste eeu. Literêre pryse kan naamlik teruggevolg word na die sesde eeu v.C. toe daar jaarlikse feeste in Griekeland plaasgevind het waar kompetisies vir musiek, poësie en drama gehou is (English 2005:30). Heymans (2001:7) skryf ook in die omvattende *Het goud van de Vlaamse letteren. 170 jaar prijzen voor de Nederlandse literatuur in België* dat daar reeds in die Middeleeue rederykerskamers in die omgewing van die hedendaagse Vlaandere bestaan het wat verskeie literêre wedstryde bestuur het. Sedert hierdie begintye kan pryse in verband gebring word met aspekte soos kulturele legitimiteit; dit is egter veral vanaf die Renaissance en Verligting dat die groot nasionale akademies van kuns en literatuur ontstaan het wat pryse toeken en reguleer (English 2005:37).[4] Oor hierdie akademies skryf English (2005:38):

> The task of the academies, quite apart from their particular missions of aesthetic conservatism or reform (which were ultimately negotiable and indeed, in the last instance, perfectly arbitrary), was that which faces all agents of cultural production, whether individual or institutional: to make themselves definitive authorities or certifiers of value across as large a portion of the cultural field as possible.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is in 1909 gestig en het die uitdruklike doelstelling gehad om Afrikaanse letterkunde te handhaaf en te bevorder (Smuts 2005:1).[5] Hierdie akademie ken ’n aantal gekanoniseerde pryse toe waarvan die Hertzogprys die bekendste is. Dit was die eerste prys wat vir Afrikaanse letterkunde uitgereik is en het in 1914 tot stand gekom (Smuts 2005:3). Die Akademie se verbintenis met Afrikanerwaardes intensiveer skynbaar tydens die hoogty van Afrikanernasionalisme. Van Coller (2010:491) stel dit in hierdie verband dat daar in die geval van die Akademiepryse “’n ruk lank ’n bepaling” was (klaarblyklik tussen 1962 en 1965, hoewel die bronne volgens Van Coller verdeeld is oor die presiese lengte van hierdie periode) dat ’n bekroonde werk “simpatiek [moet] staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk”. Hy voeg by dat “die sogenaamde ‘Beukes-verklaring’” wat Gerhard J. Beukes in 1966 opgestel het “en waarin hy beklemtoon dat die Hertzogprys ‘’n volksprys’ is, hierdie hele verbintenis tussen dié prys en die Afrikanervolk lewend gehou” het selfs nadat bogenoemde bepaling geskrap is. Naas die fokus op die bevordering van ’n bepaalde stel kulturele waardes lei die staatsubsidie wat kultuurakademies ontvang, soos Van Coller (2010:487) aangaande dié Afrikaanse voorbeeld opmerk (wat “’n klein subsidie van die staat ontvang het tot die aanbreek

van die nuwe bedeling in die negentigerjare"), dikwels tot die persepsie dat pryse op 'n subtiele wyse polities beheer word.

Ook Kannemeyer (1983:228–9) wys op die Akademie se instelling van 'n aantal nuwe literêre pryse in die 1960's in 'n hoofstuk van sy literatuurgeskiedenis gewy aan strategieë wat destyds doelbewus aangewend is om die Afrikaanse taal op kulturele gebied te erken en te bestendig. Hy vermeld hier (Kannemeyer 1983:229) voorts die interessante geval van die destydse Verwoerdprys:

> In 1968 word daar in die Senaat voorgestel om, gedagtig aan premier Verwoerd se versugting dat ons skrywers ook die heldedade van hulle eie geslag "sal besing en nie net volgens moderne patrone […] wat elders by volkere wat reeds oud is, die mode" geword het nie, 'n prys in te stel wat die naam van Verwoerd sal dra.

Daar kom egter fel reaksie teen hierdie voorgestelde prys – onder meer van skrywers soos N.P. Van Wyk Louw wat dit "as 'n soort Stalin-prys vir Suid-Afrika beskryf" (Kannemeyer 1983:229). Hier moet verder vermeld word dat Van Wyk Louw se drama *Die pluimsaad waai ver* (1966) wat twee jaar tevore die eerste keer opgevoer is en volgens Van Coller (2010:497) "deur kundiges bestempel [is] as bekroningswaardig", klaarblyklik as gevolg van "eksterne omstandighede (naamlik Louw se botsing met die destydse premier, dr. H.F. Verwoerd)" nooit deur die Akademie bekroon is nie. Uiteindelik word die Verwoerdprys die Republiekprys gedoop, maar dit loop na enkele toekennings dood. Dié geskiedenis dui op oorvleuelings tussen die literêre en die politieke velde – 'n verskynsel wat Bourdieu (1994:198) *homologie* noem.

Nog 'n oorsprong van toekennings het te make met die verstewiging van individue se posisies in die geskiedenis deur middel van pryse wat ter nagedagtenis aan 'n belangrike figuur, borg of selfs geliefde van 'n borg geskep word. Die Ingrid Jonker-prys, wat deur die Ingrid Jonker-pryskomitee toegeken word, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hierdie prys het in Julie 1965 ontstaan toe vriende van die gevierde jong digter na haar selfdood besluit het om 'n prys met haar naam vir debuutdigters uit te loof (Anoniem 2019b). Talle van die Akademiepryse dra ook die name van bekende Afrikaanse politici, skrywers of individuele borge – vir letterkunde bestaan daar byvoorbeeld die reeds genoemde Hertzogprys as die "gehalteprys" (Van Coller 2010:499) afwisselend toegeken aan poësie, prosa en dramatekste, die Eugène Maraisprys as aanmoedigingsprys vir debuuttekste in alle fiksiegenres en die Alba Bouwerprys vir kinderliteratuur. Eersgenoemde is vernoem na J.B.M. Hertzog, eertydse premier van die Unie van Suid-Afrika en kampvegter vir Afrikaans wat in 1914 £1 200 geskenk het vir die stigting van die prys, terwyl Eugène Nielen Marais een van die mees gerekende digters, skrywers en natuurnavorsers in Afrikaans was. Die Alba Bouwerprys is weer vernoem na die ikoniese kinderboekskrywer wat klassieke Afrikaanse kinderboeke soos *Stories van Rivierplaas* geskryf het. Akademiepryse soos die Elsabe Steenbergprys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur en die Tienie Hollowaymedalje vir Kleuterliteratuur (beide vernoem na bekende Afrikaanse skrywers binne die spesifieke genre wat bekroon word) is nog voorbeelde van hierdie vorm van huldiging van 'n individu (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns s.j.). So vind kapitaaluitruiling dan ook plaas, aangesien simboliese kapitaal vir die prys bewerkstellig word deurdat dit gekoppel word aan die naam van 'n bekende persoon (dikwels 'n baanbreker in die betrokke genre) én simboliese kapitaal vir die naamgewer, wie se nagedagtenis so lewend bly.

Markgerigte organisasies tree in onlangse dekades toenemend as stigters of borge van kultuurpryse op – sien onder meer Heymans (2001:16), Street (2005:823) en Van Coller (2010:491).

Die kultuurprys is volgens English (2005:64) 'n "attractive philanthropic option" vir borge, aangesien die prys simboliese kapitaal kan genereer vir die borg as 'n organisasie wat in die kunste belê. Ook Driscoll (2013:106), wat telkens die "media meta-capital" wat literatuurpryse meebring, belig, verwys na die "goodwill" wat kulturele borgskappe by die publiek kan ontlok. Wat die Afrikaanse veld betref, sou die Sanlam-jeugpryse vir letterkunde hier as voorbeeld betrek kon word, wat via die inspeling op taalnasionalisme moontlike lojaliteit vir dié versekeraar by Afrikaanses kan bewerkstellig as 'n instelling wat 'n historiese verbintenis met (veral) die wit Afrikaner en sy/haar taal het. Mens sou ook kon bespiegel dat die belastingverligting wat borgskappe bied, as verdere byvoordeel vir organisasies sou dien om kultuurpryse te befonds. Soos Van Coller (2010:491) aandui, is "borgskappe" dus nie bloot "altruïsties" nie, maar eerder 'n "ruiltransaksie". Die prys adverteer die borg, en die opkoms van kommersiële borgskappe het daarom ook aanleiding gegee tot die toename in die sigbaarheid van die kultuurprys se mediaprofiel (Street 2005:823–8). Berger (2006) stel dit dat kommersieel-befondste pryse veel groter prysgelde en meer bemarkingsgeleenthede vir die bekroonde bied, wat tot verhoogde verkope lei. Wat die Afrikaanse literêre veld betref, is bogenoemde voorbeeld van die Protea Poësieprys asook die Media24-boekpryse hier ter sake. In 2019 is die gesamentlike waarde van die Media24-boekpryse byvoorbeeld meer as R200 000 en geniet dit wye mediadekking (Anoniem 2019a). Die kykNET-*Rapport*-boekpryse se gesamentlike prysgeld is selfs meer – 'n enorme R825 000 in 2020 (Anoniem 2020).

Die proliferasie van pryse in die 1900's is dus 'n wêreldwye verskynsel en ook te sien in die Afrikaanse literêre veld. In die jong Afrikaanse veld het hierdie proliferasie veral in die laaste paar dekades plaasgevind, soos blyk uit die ontstaansdatum van bogenoemde voorbeelde. Die oorsprong van hierdie talle literatuurpryse is egter gevarieerd – dit het soms ideologiese of kulturele wortels, of word soms geskep om borge te bemark of om individue se posisies te verstewig. Toekennings kan gemaak word deur staatsorganisasies, kultuurorganisasies asook die privaat sektor en kan selfs as meganisme dien om glanspersone binne die literêre veld te vestig. Die impak van literatuurpryse is duidelik verreikend. In die volgende afdeling kom die kanoniserende werking daarvan aan bod.

4. Kanonisering en veranderende hekwagters

Huggan (1997:414) betoog al in die 1990's dat soos wat staatsubsidies van die kunste oor die voorafgaande dekades afgeneem het, korporatiewe borgskappe literêre pryse oorgeneem het. Ook Spinoy (2008:11) stel dit dat spesifiek kommersiële pryse, soos dié wat deur borge bestuur word, toenemend die belangrikste kanoniserende impak binne die hele literêre veld het en dat die meer tradisionele kultuurpryse wat deur akademies en die staat uitgereik word, ouderwets is. Paauwe (2017:4) lei haar studie oor literatuurpryse in deur oor die Nederlandse literêre veld te verklaar: "Kleinschalige, klassieke literatuurprijzen maken dus nog wel deel uit van het Nederlandse literaire veld. Hun prominente positie is echter duidelijk veroverd door grootschalige, moderne literatuurprijzen." Wat pryse vir Afrikaanse letterkunde betref, is die enigste (semi)staatsprys inderdaad nie een van die mees prominente binne die Afrikaanse literêre veld nie. Die South African Literary Awards (SALA), wat in samewerking met die Nasionale Departement van Kuns en Kultuur toegeken word, het wel groot prysgeld, maar een van die prysorganiseerders, Morakabe Raks Seakhoa (2012), verklaar spesifiek dat dit 'n doelwit van die Sala-pryse is om van "die mees invloedryke en gerespekteerde literêre pryse in Suid-Afrika te *word*" (ons kursivering) en dus nog nie daardie status het nie. Daar is verskeie

moontlike redes hiervoor, waaronder die feit dat dit, soos Seakhoa (2012) suggereer, eers in 2005 geskep is en dus nog maar 'n kort bestaansgeskiedenis het. Verder word die prys nie uitsluitlik aan Afrikaanse letterkundige werke toegeken nie, maar Afrikaanse tekste kompeteer met sowel Engelse tekste as tekste in Afrikatale. Hierdie aspek lei dan ook in 2021 tot omstredenheid toe die Afrikaanse digter Johann de Lange kapsie maak teen die verdeling van die Sala-poësieprys tussen hom en "medewenners" in vyf ander landstale. Hy weier gevolglik die prys en bestempel die Sala-pryse in 'n mediaverklaring as "betekenis- & waardeloos, & behoort nie met enige erns bejeën te word nie" (sic) (De Lange 2021).

In 'n reaksie op De Lange (2021) se verklaring, skryf Seakhoa (2021) dat Sala nie beskou word as 'n "competition" nie, maar "a celebration of literary craft as an instrument of artistic, creative and cultural expression within the context of our diverse and multicultural society". Sala se benadering tot literêre bekronings is dus minder gesteld op hiërargisering ten opsigte van suiwer literêre meriete soos wat die geval is by die meeste ander literatuurpryse in die Afrikaanse veld. Hierdie aspek het inderdaad nog altyd die beoordelingskriteria van die Sala-bekronings onderlê. Seakhoa dui byvoorbeeld in die reeds genoemde 2012-artikel aan dat die beoordelingspaneel in ag neem hoe die teks "bydra ten opsigte van sosiale kohesie, nasiebou en oorskryding van ruimte en tyd (byvoorbeeld die aard van menslike lyding, magsmisbruik, skuld en vergiffenis ens.)", hoewel dit nie verwag word dat "skrywers spesifiek oor die problematiek en die tema van sosiale kohesie en nasiebou skryf nie" (Seakhoa 2012). Hierdie kriteria is vandag ongewoon as dit by gehaltepryse kom. Kannemeyer (1983:229) beskou die teenreaksie op die Verwoerd-/Republiekprys en die kortstondige bestaan daarvan in die 1960's en 1970's al as simptomaties van die ontwikkeling van die meer geëmansipeerde Sestiger-ideologie binne die Afrikaanse letterkunde waar daar "polarisasie […] tussen die skrywers aan die een kant en die owerheid, die Kerk en die literêre 'establishment' aan die ander kant" was. De Kock (2009:38) skryf in 'n artikel oor literêre pryse binne die hedendaagse transnasionale tydsgees dat daar by die beoordeling van literatuur al meer wegbeweeg (moet) word van nasionale kriteria en beweeg (moet) word na 'n meer "internationalist formalism, a preoccupation with the textures of textuality, in preference to earlier forms of 'engaged' or 'sociological' critical criteria".

Wat die finansiële waarde van 'n toekenning betref, moet hier ook beklemtoon word dat groot prysgeld (soos dikwels die geval by literatuurpryse met korporatiewe borge) nie noodwendig dui op die feit dat die prys 'n hoë status in die veld het nie. Rustum Kozain (2010), eertydse voorsitter van die Ingrid Jonker-pryskomitee, vermeld dat die verband tussen prysgeld en die prestige van die literatuurprys (in dié geval: poësieprys) kompleks is: "The issue of poetry, prize money and prestige is a difficult issue. On the one hand, there is the idea that money somehow introduces a venal strain to what is a prestigious poetry award. In addition, the prestige of the award is thought of as independent of the purse …" In 'n reaksie hierop onderaan Kozain (2010) se persverklaring aangaande die Ingrid Jonker-prys op Versindaba (meer hieroor later in die artikel) verklaar die letterkundige en digter Lina Spies: "Die geld verbonde aan 'n prys bepaal sekerlik nie sy prestige nie." In dokumente uit die rekords van die Ingrid Jonker-pryskomitee aangaande die geskiedenis van die prys blyk dit ook dat dit histories as "'n prestigeprys eerder as 'n geldprys" beskou is (De Goede 2020).

Binne die Afrikaanse letterkunde is die Akademiepryse steeds die mees gekanoniseerde pryse, wat beteken dat korporatiewe borgskappe nie noodwendig die botoon voer wat literatuurpryse in Afrikaans betref nie. In 'n artikel oor die Akademiepryse identifiseer Smuts (2005:3) 'n aantal redes vir spesifiek die Hertzogprys se belangrike status in Afrikaans:

- Die prys bestaan al baie lank (dit is die oudste literêre prys in Afrikaans).
- Dit is, "[a]nders as feitlik alle ander pryse wat deur die jare toegeken is […] nie geloods deur 'n sake-onderneming met finansiële doelstellings wat daarmee in 'n mindere of meerdere mate publisiteit kry nie", maar deur 'n akademie.
- Hierdie prys oorweeg "alle publikasies vir bekroning, nie net dié van sekere uitgewerye nie, soos wat wel die geval is by van die ander pryse".
- "Anders as in die geval van etlike ander literêre pryse" word die Letterkundekommissie (LK) wat die Hertzogprys toeken, "uitsluitlik saamgestel uit professionele letterkundiges" en by die samestelling van hierdie groep deur die Akademie "word sorg gedra dat die lede uit 'n verskeidenheid universiteite en instansies kom om ruimte te skep vir uiteenlopende en onafhanklike standpunte".

Smuts (2005:3) wys dus daarop dat die Akademiepryse status wen aan die feit dat dit nie toegeken word deur uitgewerye of sake-ondernemings wat finansieel kan baat by die bekroning van 'n spesifieke teks nie – die Media24-boekpryse gaan byvoorbeeld net aan tekste wat by Media24 se uitgewers verskyn (Boonzaaier 2020). Van Coller (2010:493) vermeld in sy artikel oor die Akademiepryse ook dat die Letterkundekommissie onafhanklik te werk gaan en besluitneming oor bekronings by hulle berus, hoewel die Akademieraad die finale besluite bekragtig. Etty (2006:42) en Norris (2006:144) skryf dat borgskappe (soos staatsgesubsidieerde pryse vroeër in Afrikaans) de facto-sensuur kan aanmoedig, terwyl Van Coller (2010:487) betoog dat literatuur so bekroon kan word dat dit die "beste" of voordeligste vir die borg is.

Die kwessie van borgskappe en die samestelling van beoordelingspanele lok dan ook in 2020 'n vurige debat in die Suid-Afrikaanse media uit met die *Johannesburg Review of Books* ('n aanlyn letterkundetydskrif) wat 'n artikel plaas oor die gebrek aan diversiteit met betrekking tot die beoordelingspanele van die Media24-boekpryse. Die omstredenheid spruit spesifiek uit die gebrek aan swart beoordelaars op die beoordelingspaneel. Van die uitsprake wat deur ontevrede skrywers gemaak is en deur die *Johannesburg Review of Books* herhaal word, is dat Media24 se uitgewers te min swart skrywers se boeke publiseer, wat gevolglik die getal swart wenners sal beïnvloed, én dat wit beoordelingspanele vernaamlik wit skrywers (sou) bekroon (JRB 2020). Die argument is dus dat wit mense (soos wit uitgewers en wit prysbeoordelaars) steeds die literêre veld in Suid-Afrika oorheers en swart skrywers deur kanoniseringsmeganismes soos literêre pryse marginaliseer. Eloise Wessels, besturende direkteur van Media24 Boeke, reik 'n verskoning in reaksie hierop uit waarin sy verklaar dat die "tekort aan diversiteit in die beoordelingspanele van Media24 Literêre Toekennings […] onaanvaarbaar" is (Boonzaaier 2020). In 'n bisarre nadraai van hierdie gesprek oor ras vra *Rapport* ook om verskoning vir die feit dat hulle in dié bovermelde artikel van Dawie Boonzaaier van slegs *een* bruin beoordelaar in die wit paneel (van 18 mense) melding maak, terwyl daar inderwaarheid *twee* bruin beoordelaars was. Hierdie soort debatte rondom pryse leen sigself duidelik tot omstredenheid – 'n faset wat later in die artikel weer aan bod kom.

Soos Spinoy (2008:13–7) aandui, beteken die proliferasie van pryse en die reeds vermelde agteruitgang van tradisionele literêre institusies en kanoniseringsmeganismes soos literatuuronderwys en literêre evaluering dus nié dat daar nou nie meer institusionele hekwagters is of dat 'n tipe demokratisering van literêre smaak en literêre mag plaasgevind het nie. Die opkoms van inisiatiewe soos kommersiële pryse beteken bloot dat daar ánder hekwagters is. Driscoll (2013) en De Greve en Martens (2021) ondersoek die rol van sosiale media in die kapitaaluitruilingproses wat met prystoekennings gepaardgaan. Driscoll (2013:119) wys daarop dat al

meer literêre agente hulle tot sosiale media (spesifiek Twitter) wend om hulle sosiale kapitaal uit te bou. De Greve en Martens skryf in hierdie verband dat die digitalisering van die publieke sfeer aanleiding daartoe gee dat al meer agente (diegene wat tot tradisionele institusies behoort, maar óók nuwe agente) deelneem aan "evaluative talk about literature":

> These new gatekeepers are not just emotionally involved in the discussion, they are increasingly recruited and involved by the literary system itself. Thus, the knowledge of a limited number of professional "pundits" is being rivalled and challenged by technological developments and the reliance on a type of "distributed cognition" even more urgently in need of exploration.

In 'n artikel deur Boonzaaier (2021) oor die Afrikaanse boeke wat in 2020 die hoogste verkoopsyfers behaal het, vermeld die skrywer wie se roman *Kanaän* tweede op die lys is, Sophia Kapp, dat die genre waarbinne sy skryf, naamlik liefdesverhale, "nog nooit as letterkunde of deel van die kanon beskou is nie" en nie juis geresenseer word nie. Hoewel haar boeke topverkopers in Afrikaans is, word haar romans, sê sy, nie dikwels deur literêre kritici erken nie. Kapp verklaar voorts dat "die 'plek' van resensies in die boekewêreld […] aan die verskuif [is]" en dat "[i]n die digitale wêreld waarin ons leef […] 'gewone' lesers 'n mening en 'n platform [het] om dit te lug": "Lekkerleesboekrak en Goodreads doen myns insiens baie meer vir boekverkope as resensies in die tradisionele gedrukte pers." Kapp verwys hier na 'n gewilde Afrikaanse Facebook-groep vir lesers en die bekende internasionale boekwebtuiste waar enige leser 'n roman/bundel kan beoordeel. Kapp voeg by dat hierdie verskuiwings in die literêre veld nie beteken dat "boekresensies onbelangrik is nie, dit beteken gewoon dat dit 'n ander rol as bemarking vervul – dit plaas myns insiens 'n boek binne die Afrikaanse kanon" (Boonzaaier 2021).

Soos ons artikel betoog, is kanonisering nie 'n proses wat meer so strak onderskei kan word as net die produk van formele, akademiese institusies soos die literêre kritiek of onderwys nie. Hekwagters is inderdaad aan die verander en Spinoy (2008:13–7) is korrek as hy skryf dat kanonisering vandag 'n baie vinniger proses is as vantevore – 'n verskynsel wat hy as tipies van die kapitalistiese era beskou. Literêre pryse en die gesprek wat dit genereer, speel hier 'n toonaangewende rol: "The media meta-capital of literary prizes has significant impacts on the literary field", meen Driscoll (2013:106). Die kuberruim verskaf dan ook 'n ideale platform vir gesprekke oor literêre pryse en literêre waarde, waar agente vinnig en maklik met mekaar kan skakel. Sosiale media ontwikkel ook 'n ander soort hekwagter, dikwels in die vorm van bekende en populêre skrywers asook ander agente binne die boekbedryf, soos boekhandelaars en bemarkers, wat uiters aktief op hierdie platforms is. Kanonisering vind dus wel so plaas – al is dit van 'n meer populêre soort kanon wat binne die groter literêre veld bestaan. Soos Van Coller (1995:50) illustreer, bestaan daar verskillende kanons met 'n teks binne die kanon vir ontspanningsliteratuur wat te eniger tyd deel van die sentrale, klassieke kanon kan word.

Dit is waarskynlik noodwendig dat nie alle rolspelers positief en ontvanklik sal wees aangaande hierdie ontwikkelinge en skuiwe binne die literêre veld nie – die vrees word byvoorbeeld deur Leyman (2007:61) uitgespreek dat literêre pryse die rol van die literêre kritiek in totaliteit oorneem. Hierdie soort teenstand binne die veld veroorsaak ook die reeds vermelde negering van pryse op akademiese vlak. Vanuit die posisie van populêre skrywers wat, soos Boonzaaier (2021) aandui, telkens die topverkopers in Afrikaans is, is dit strategies om die hoeveelheid simboliese mag verbonde aan hulle gewildheid onder die "gewone leser" te ontken. Vir sommige van hierdie populêre skrywers gaan dit juis oor die posisionering van hulself binne die

literêre veld in duidelike opposisie tot die skrywers van sogenaamde hoë, gekanoniseerde of gekonsekreerde (Bourdieu 1994:154) kuns. Die posisie word dus ingeneem van skrywers wat, anders as akademies-gerekende skrywers wat meer erudiete tekste skryf, immer toeganklik is en in voeling met die behoeftes van die publiek. Die kwessie van die posisionering van die skrywer binne die veld en die postuur wat hy/sy aanneem (Meizoz 2010), kan dus ook hier betrek word. Bourdieu (1994:154) se navorsing oor die subvelde van grootskaalse produksie versus beperkte produksie binne die groter veld van kulturele produksie illustreer juis dat ekonomiese en sosiale kapitaal ook vorme van mag in die literêre veld vir die literêre agent verteenwoordig. Hy betoog voorts dat die konflik of magspel tussen hierdie twee subvelde die werking en voortbestaan van die literêre veld meebring. Die navorser wat oor verskynsels soos literêre evaluering skryf, moet dus deurgaans in gedagte hou dat kanoniseringsprosesse dinamies is eerder as konstant, en gebaseer is op die veranderende posisie-inname van agente (Childress e.a. 2017:51) én hekwagters in die magsveld.

Soos reeds gesuggereer, is verskillende pryse meer gekanoniseerd, en dus meer kanoniserend, as ander – sien ook De Nooy (1988:532) en Stinson (2013:211). English (2005:29) bespreek ook waarom sekere toekennings meer gekanoniseerd is as ander. Hy wys byvoorbeeld op die groot simboliese waarde waaroor die Nobelprys beskik, aangesien dit een van die eerste moderne literêre pryse is. Talle mededingende pryse het volgens hom sogenaamde "Nobel envy" omdat die Nobelprys se lang geskiedenis dit so 'n sterk kanoniserende funksie gee. Leyman en Cottyn (2009:165–6) stel dit dat die status van enige literêre prys uiteindelik afhang van die kwaliteit van die rekord van bekroondes en dit kan net ná die verloop van tyd bepaal word – is hierdie bekroonde skrywer(s) of teks(te) jare (selfs dekades) ná die media-aandag wat die prys genereer het, (steeds) gekanoniseerd? Die persepsie bestaan dat kanoniseringsmeganismes (soos pryse) tekste moet kan identifiseer wat die toets van die tyd deurstaan. Harold Bloom (2005:245; 256) beklemtoon byvoorbeeld dat estetika en intrinsieke waarde nog altyd die samestelling van die kanon gedryf het (en móét dryf):

> The issue is the mortality or immortality of literary works. Where they have become canonical, they have survived an immense struggle in social relations, but those relations have very little to do with class struggle. Aesthetic value emanates from the struggle between texts: in the reader, in language, in the classroom, in arguments within society.

In teenstelling hiermee beskou Bourdieu (1993:31) die kwessie van die sogenaamde onsterflikheid van klassieke werke die gevolg van die feit dat tekste deurlopend verander soos wat die wêreld waarin dit gelees/verbruik word, verander. Die argument blyk dus te wees dat 'n klassieke teks in hedendaagse tye áltyd aangepas of geapproprieer word, aangesien die huidige literêre veld verskil van die oorspronklike een waarin dit geproduseer is en die teks slegs as produk van mag en "geloof" tot stand kom. Voorts is klassieke tekste volgens Bourdieu (1994:192) vormend ten opsigte van skemas van waarneming en waardering wat uiteindelik ewigdurende norme binne die literêre veld bepaal. Dié tekste bepaal dus die standaarde wat die kanon tot stand bring en bly self so ewig gekanoniseerd.

Die kwessie van die status van beoordelaars en die wyse waarop dit kan bydra tot die sosiale kapitaal van 'n prys, het vroeër aan bod gekom. Street (2005:832) wys daarop dat prysadministrateurs somtyds ook beoordelaars inspan wat aan bepaalde media-organisasies verbonde is sodat hulle goeie mediadekking aan die prys kan verskaf. English (2005:231) en Street (2005: 831) stel, soos Smuts (2005), die feit dat gerekende pryse dikwels klein pryswaardes het. Groot prysgeld genereer egter ook op sigself meer media-aandag en word volgens English (2005:231)

by verstek dan deur joernaliste as "prestigious" en "distinguished" beskryf. English (2005:207) voeg by dat skandale bydra tot die media-aandag wat 'n prys kry en dus ook die prys se status. Hy verwys na die voorbeeld van die Bookerprys (sien hier ook Norris 2006:147) wat "the greatest symbolic profit" verwerf danksy "its status as a kind of cultural embarrassment". Die kwessie van literêre pryse en skandale kom later in hierdie artikel meer uitgebreid aan bod. Uiteindelik gaan dit om wat Street (2005:832–3) die "narrative of the prize" noem. Hierdie narratief sluit al bogenoemde elemente in: die status van die beoordelaars, die prysgeld, die langlys, die kortlys, die finale seremonie en laastens die status van die wenner. Só word die prys dan "gemaak" en verkry dit simboliese kapitaal.

Daar is reeds verwys na die tradisionele persepsie van akademies as institusionele hekwagters en legitimeerders van kultuurprodukte en die persepsie dat kommersiële pryse tans selfs 'n sterker kanoniserende waarde het. Dit is egter duidelik dat daar talle faktore is wat 'n kanoniserende rol speel naas die organisasie wat die prys administreer. De Nooy (1988:536–7) onderskei tussen drie verskillende statusse van literêre pryse aan die hand van die volgende faktore:

- Status 1 (Hoog): Staatspryse met 'n groot prysgeld; 'n lang en bestendige tradisie; toegeken aan oeuvres.
- Status 2 (Middel): Oorblywende pryse met 'n lang, bestendige tradisie of groot prysgeld en tradisie langer as die gemiddelde prys; toegeken aan oeuvres of enkele tekste.
- Status 3 (Laag): Onlangs ingestelde of eenmalig uitgereikte pryse met groot en klein prysgelde; toegeken aan oeuvres of enkeltekste asook debute.[6]

Sy indeling, wat uit 1988 dateer, neem egter nie faktore soos die status van beoordelaars, die omstredenheid en/of mediablootstelling van die prys asook die bekroningsrekord van die prys in ag nie. Volgens die bogenoemde kriteria sou die Hertzogprys beslis status 1 hê. Die prysgeld is dalk nie so groot soos van die ander pryse nie, maar wel substansieel genoeg binne die huidige prysveld.[7] In die Afrikaanse literêre veld is oeuvrepryse egter nie algemeen nie, hoewel die Hertzogprys al enkele male aan genre-oeuvres toegeken is – onder meer aan Boerneef (1968) en Sheila Cussons (1983) vir al hulle digbundels, Hennie Aucamp (1982) vir al sy prosawerke, en meer onlangs Adam Small (2012) vir sy drama-oeuvre.

Wat De Nooy (1988) se statusse 2 en 3 betref, raak die kategorisering van hedendaagse Afrikaanse literatuurpryse veral moeilik. Die W.A. Hofmeyr-prys sal danksy 'n lang geskiedenis en redelike prysgeld (meer as R30 000 in 2019, Anoniem 2019a) waarskynlik status 2 hê. Die gevestigde tradisie van die Ingrid Jonker-prys, ten spyte van die feit dat dit 'n debuutprys is en in die verlede 'n klein kontantprys gehad het, plaas dit ook in hierdie kategorie. Die klein prysgeld is wel 'n kwessie wat al binne die geledere van die Ingrid Jonker-pryskomitee vir twis aangaande die prestige van die prys gesorg het. Kozain (2010) suggereer in 'n persverklaring aangaande die omstredenheid rondom die aanvanklike plan om die Ingrid Jonker-prys nie daardie jaar toe te ken nie, dat die klein prysgeld (toe R2 000) een van die sake is wat uitgeklaar moes word. Kozain bedank as voorsitter van die pryskomitee kort na die vermelde persverklaring (Marais 2010). Sedert 2017 bedra die prys R10 000, moontlik gemaak deur skenkings van die Dagbreek Trust (vir Afrikaanse debute), 'n anonieme skenker (eenmalig) en die Pirogue Collective (vir Engelse debute). Die UJ-pryse, wat sedert 2000 deur 'n universiteit (die Universiteit van Johannesburg) toegeken word en 'n groot prysgeld behels (R70 000 in

2021 vir die hoofprys, Anoniem 2021a), sou waarskynlik ook status 2 geniet, hoewel een van hierdie pryse ook ’n debuutprys is, wat volgens De Nooy laer status het.

Twee interessante gevalle in Afrikaans is die kykNET-*Rapport*-boekprys vir fiksie en die Helgaard Steyn-prys. Eersgenoemde (een van ’n aantal boekpryse toegeken deur kykNET-*Rapport*) bestaan in die huidige formaat nog maar sedert 2014. Dit bedra egter enorme prysgeld (R250 000 in 2020, Anoniem 2020) en word deur ’n gerekende media-organisasie toegeken. Dié boekpryse bou ook voort op die M-Net Literêre Toekennings wat van die vroeë 1990’s tot 2013 toegeken is (Erasmus-Alt 2019:114). Met hierdie gegewens in gedagte sou dit, al is die prys redelik onlangs ingestel, binne die middelste kategorie van De Nooy se indeling geplaas kon word. Die Helgaard Steyn-prys, wat vierjaarliks om die beurt aan ’n komponis, skilder, skrywer en beeldhouer toegeken word, is volgens Erasmus-Alt (2019:113) die grootste Afrikaanse letterkundeprys wat prysgeld betref (dit was in 2016 amper R575 000). Dit bestaan sedert 1987 en word beoordeel deur persone uit die betrokke veld wat jaarliks deur die rektore van die Noordwes-Universiteit en die Universiteit van die Vrystaat gekies word. Die feit dat hierdie prys afwisselend aan verskillende literêre en nieliterêre genres toegeken word, bring mee dat dit nie die bekendste prys in die Afrikaanse letterkunde is nie. Die eksklusiwiteit daarvan sou dalk egter wel kon meebring dat dit volgens De Nooy se skaal status 1 het.

Wat status 3 betref, sou die kort geskiedenis van die Protea Poësieprys dit in die laaste kategorie posisioneer. Die politieke bagasie en kort geskiedenis van die Sala-toekennings sou dit ook hier kon posisioneer – spesifiek wat die debuutkategorie (First-time Published Author Award) betref. Dit is egter die enigste prys waarvoor Afrikaanse literatuur tans kwalifiseer wat (ten minste gedeeltelik) as ’n “staatsprys” kan kwalifiseer en behoort dus volgens De Nooy juis ’n gerekende prys te wees.

Hoewel De Nooy se model duidelik nie ongekwalifiseerd op Afrikaanse pryse toepasbaar is nie, illustreer verbandleggings tussen die Afrikaanse voorbeelde en sy kategorieë die huidige stand van die literêre veld en die veranderende aard van literatuurpryse in die laaste paar dekades.

5. Die rol van pryse binne die literêre veld

Daar is uiteenlopende opinies aangaande die rol of bydrae van literêre prys binne die literêre veld. English (2005:50–1) meen dat pryse ’n kulturele bydrae lewer, op drie gebiede: op sosiale vlak, institusionele vlak en ideologiese vlak.

Wat die sosiale vlak betref, is die prys ’n tipe kulturele spel wat die media se aandag trek en so tot die totstandkoming van ’n moderne vorm van kapitaal of mag lei: beroemdheid. Ook Spinoy (2008:17) wys daarop dat die moderne literêre prys nie langer noodwendig gaan om die bevordering van ’n nasionale of taaleie literatuur nie, maar om die versterking van die “fetisjkarakter” van skrywersname en titels. Soos English (2005:256) aandui, word skrywers of kunstenaars se CV’s of biografiese inligting (English beskryf dit as “cultural obituaries”) ’n opsomming van die pryse wat hulle verower het. Street (2005:835) noem hierdie effek die “making [of] reputations” en meen dat dit die kunstenaar ’n “sense of themselves as *artists*” gee, oftewel sosiale kapitaal en status. Hier is Meizoz (2010:84–6) se reeds genoemde werk oor postuur ook tersaaklik. Hy het dit oor die beeld wat die skrywer van homself/haarself skep via sy/haar oeuvre, uitsprake, gedrag en selfs kleredrag, asook hoe hierdie posisionering binne

die literêre veld dikwels geëggo of medegeskep word deur ander literêre rolspelers (byvoorbeeld uitgewers, joernaliste en kritici).

Op institusionele vlak maak die prys aanspraak op gesaghebbendheid as 'n legitieme beoordelaar (en toekenner) van kulturele waarde binne die spesifieke kultuurveld. Dit verleen ook legitimiteit aan ander rolspelers – byvoorbeeld aan sekere uitgewerye deurdat hulle boeke bekroon word en hulle so gevestig word as kwaliteituitgewerye met simboliese kapitaal (Street 2005:836). Senekal (2013:383) kom in 'n artikel waarin hy via 'n sosiale-netwerk-analise die uitgeweryprofiele van Hertzogpryswenners ontleed ten opsigte van die Afrikaanse literêre netwerk, tot die gevolgtrekking dat die meeste Hertzogprysbekroondes deur NB-uitgewers se drukname Tafelberg en Human & Rousseau gepubliseer is. Hy haal Van Rees, Janssen en Verboord (2006:290) aan om te beklemtoon dat hier by uitstek sprake van kapitaaluitruiling is. Die simboliese kapitaal wat deur bogenoemde uitgewery van bekroonde tekste verwerf word, sal dan weer "afstraal" as merker van kwaliteit op byvoorbeeld debute wat by hierdie uitgewery verskyn. Stinson (2013) betoog voorts dat literêre pryse veral klein uitgewerye se simboliese kapitaal kan laat toeneem – 'n hipotese wat navorsers byvoorbeeld met betrekking tot Naledi in die komende jare sou kon ondersoek.

Op ideologiese vlak word die prys gebruik om te bewys dat die kultuurveld afsonderlik van ander velde funksioneer en 'n eie stel reëls het. English (2005:52–3) verklaar dat die prys die idee uitdra dat kuns 'n verhewe domein is en dat dit die kwessie van estetiese waarde bevestig – die "produksie van geloof" soos Bourdieu (1993:76) dit sou stel. Pryse kan volgens Street (2005:836) as't ware 'n bepaalde estetika kanoniseer en bekragtig en Van Coller (2010:491) meen dat dit 'n literêre instrument is wat sekere "poëtikale uitgangspunte" (oftewel literatuuropvattings) verstewig en kanoniseer. Hier haal laasgenoemde dan ook voorbeelde van bepaalde politieke ideologieë aan en verwys na die reeds genoemde "volks"-bepaling wat kortstondig deel was van die Hertzogprys se reglement.

Die literêre prys lewer voorts bydraes op politieke en ekonomiese vlak. Soos English (2005:249–320) in die afdeling getitel "The global economy of cultural prestige" illustreer, het die prys 'n bydrae op politieke vlak. Hy wys onder meer op die lang verbintenis tussen die kultuurprys en koloniale besetting, met die prys as 'n kanoniseringsmeganisme wat die tekste (en so ook ideologieë) van die koloniale ryk in die kurrikula van skole en universiteite gevestig het – 'n kwessie wat tydens die 2020-debat oor die Media24-boekpryse uiteraard weer na vore gekom het (JRB 2020).

Street (2005:834) voeg betreffende 'n ekonomiese vlak by dat dit byna altyd tot onmiddellike verhoogde verkope van die wenners (asook genomineerdes – sien ook Demoor, Saeys en Lievens 2008:30, asook Prins 2020) se tekste lei. Norris (2006:139) meen dit kan selfs aanleiding gee tot verhoogde verkoopsyfers van 'n wenner se vorige publikasies. Opvallend in die Afrikaanse letterkunde is die gebruik om in die kort biografieë op die flapteks of agterplat van bekroondes se latere werke na vroeëre toekennings te verwys. Berger (2006) maak egter die onderskeid tussen pryse vir individuele boeke en oeuvrepryse met eersgenoemde wat meer dikwels tot hoër verkope lei, maar laasgenoemde nié noodwendig nie, aangesien jy 'n boek "nog wel [kun] hypen, een oeuvre niet". Hier moet dit weer eens gestel word dat bekroonde, gekanoniseerde boeke in elk geval dikwels nie so goed verkoop soos genrefiksie of ontspanningsliteratuur nie – sien ook Boonzaaier (2021) se lys van topverkopers. Stinson (2013:211) meen dit is juis die rede waarom literatuurpryse wat verhoogde verkoopsyfers meebring, so belangrik is, aangesien

die literêre tekste wat belangrike literatuurpryse verower, die soort tekste is wat normaalweg nie goed verkoop nie.

Soos Galloway (2014) aandui, is literêre pryse dus 'n "rigtingwyser na gehalte" vir die lesers en kopers van boeke. Leyman (2007:60) noem literatuurbekronings "smaakmakers". Vanstaen (2009:26) skryf in haar verhandeling oor Vlaamse kinderboekpryse dat bibliotekarisse hulle wat die aankope van boeke vir biblioteke betref, laat lei deur die nominasielyste vir pryse. In Afrikaans was die Sanlam-toekennings vir jeuglektuur se kenmerkende goud-, silwer- en bronskleurige plakkers voor op kinderboeke reeds jare lank 'n aanduiding van gehalte vir jong lesers en hul ouers. Street (2005:837) (asook Heymans 2001:18) gee te kenne dat dit veral in die geval van onbekende skrywers (soos debutante) as gehaltemerk dien en skryf verder dat pryse tot 'n openbare gesprek oor literêre/artistieke waarde lei. So word die gesprek dus uitgebrei vanuit die literêre gemeenskap na die algemene publiek.

Al is die verhoogde verkope wat deur pryse meegebring word, dalk beperk, bied die prysgeld, soos Galloway (2014) skryf, "(broodnodige) finansiële steun" aan skrywers en moedig dit hulle aan om weer te publiseer aangesien dit erkenning vir hulle werk bied. Romankompetisies soos die NB-Sanlam-GrootRoman-wedstryd en die LAPA-romankompetisie bied by uitstek 'n ekonomiese vergoeding aan die "wenner", waar die geldwaarde van die kompetisie dikwels hoër is as by die meeste literêre pryse (Erasmus-Alt 2019:116) én die wenner die geleentheid gee om sy/haar manuskrip te publiseer.

Demoor e.a. (2008:30) wys op die feit dat pryse aan die skrywer die geleentheid gee om 'n groter gehoor te bereik, maar beklemtoon dat dit veral om die verwerwing van simboliese kapitaal gaan: "When interviewed for this project, most of them referred to the 'honour' of winning a prize." Uiteindelik moet daar nie vergeet word nie dat pryse – soos wat Best (2008:8) en Heymans (2001:20) aandui – uitsonderlike werk binne 'n veld wil erken en beloon, maar ook ander skrywers wil aanmoedig en inspireer. So word letterkundes bevorder en gevier en produsente herinner aan die waardes en belangrikheid van die veld waarbinne hulle praktiseer – sien in hierdie verband ook Seakhoa (2021) se eksplisiete uitsprake oor die oogmerke van Sala.

Demoor e.a. (2008:31) voer bykomend aan dat pryswenners dikwels voel dat die belonings wat die prys bied, net vir die kort termyn geld. Ook Heymans (2001:18) skryf dat in 'n boekemark (soos die Vlaamse een) waar verkope in elk geval "bescheidener" is, daar dalk verhoogde verkope ná 'n bekroning is, maar dat dit geen belofte vir latere sukses is of dat bekroonde boeke sal aanhou om goed te verkoop nie. Op lang termyn kan die vroeëre bekroning selfs stremmend wees, aangesien die skrywer daarna mag voel dat daar ekstra druk is om werk van hoë gehalte te lewer: "Some authors believe that their new work is often criticised more harshly, and that the literary quality of the author's ensuing work tends to be questioned" (Demoor e.a. 2008:31). Heymans (2001:19) meen dat die wenners van pryse 'n sterk "ruggengraat" moet hê, anders kan al die aandag té "egostrelend" wees en die skrywer sy fokus as kunstenaar laat verloor. Sommige skrywers voel dan ook volgens Demoor e.a. (2008:31) negatief oor die media-aandag wat pryse genereer, aangesien dit die fokus verskuif van hulle kuns na hulle persoon. As die aandag dus wegskuif van die persoon af soos wat die belangstelling in die toekenning vervaag, daal die verkoopsyfers. Leyman en Cottyn (2009:158) meen selfs dat die bekroonde die "slachtoffer" kan raak van die bemarkingsveldtog wat deesdae saamhang met die literêre prys – 'n noodwendige gevolg van die gekommersialiseerde era waarin ons leef.

Uit al bogenoemde faktore blyk dit dat literêre pryse se sentrale rol die konfigurasie van die literêre veld is. In 'n artikel oor die potensiaal van rituele (soos prystoekennings) om die veld gestalte te gee ("ritual's field configuration potential") doen Anand en Jones (2008) empiriese navorsing oor die Bookerprys. Hulle identifiseer vier aspekte wat tipies is van prystoekennings en tot die totstandkoming van die veld lei, naamlik (1) die bewerkstelliging van toenemende interaksie en kommunikasie; (2) die verskaffing van 'n gemeenskaplike doel; (3) die fasilitering van strukture van dominansie; en (4) die daarstelling van kapitaaluitruiling (hulle noem dit "transformation of capital") (Anand en Jones 2008:1038). Ten slotte sê Anand en Jones (2008:1056–7) dat strukture soos pryse institusies is "that facilitate interchange among a disparate set of constituents" en die potensiaal het "to configure fields". Om hierdie rede is dit duidelik dat navorsing oor die status van literêre pryse onontbeerlik vir die literatuursosioloog is.

6. Bekronings en omstredenheid

Soos vermeld, is omstredenheid 'n verskynsel wat gepaardgaan met die meeste literêre pryse. English (2005:25–6) beskou dit selfs as noodsaaklik vir die vestiging van 'n prys: "The vast literature of mockery and derision with respect to prizes must, in my view, be seen as an integral part of the prize frenzy itself, and not in any way advancing an extrinsic critique." Wat kultuurpryse betref, blyk die ou cliché dat daar nie iets soos slegte publisiteit bestaan nie, dus te geld. Verdaasdonk (2008:146) wys byvoorbeeld op die omstredenheid rondom die ontstaan van die AKO-prijs (Amsterdamsche Kiosk Onderneming-prijs) en die feit dat daar aanvanklik heelwat kritiek deur kritici jeens die keuses van die beoordelaars geloods is, wat hy as "welkome publiciteit voor de prijs" beskryf. Om die rol van literêre pryse en die funksionering van die literatuurveld tans te verstaan, is dit dus ook nodig om aandag te skenk aan omstredenheid as 'n verskynsel wat met literatuurpryse gepaardgaan.

English (2005:187) bestee meer as een hoofstuk aan die "scandalous currency" van pryse. Hy wys verder daarop dat die bekendste pryse die meeste kritiek uitlok – en dikwels ook vanaf die bekendste skrywers, kunstenaars en kritici. Dié kritiek is volgens hom 'n fundamentele en noodwendige aspek van die kulturele spel verbonde aan 'n prys. Hierdie skandale is so vanselfsprekend dat English (2005:190–6) dit selfs volgens tipe kategoriseer: (1) skandale met betrekking tot beoordelaars se "dubious aesthetic dispositions, as betrayed by their meager credentials, their visible lack of habitus, or glaring errors of judgement"; (2) skandale met betrekking tot die bekroning van minderwaardige kunstenaars wie se werk "pornographic, morally corrupt, politically unpalatable, or simply 'worthless' according to prevailing standards of evaluation" is; (3) skandale oor die beoordelingspaneel se verkeerde keuses en swak estetiese waardes; (4) sprake van korrupsie wat nie noodwendig te make het met geld nie, maar wel met beoordelaars of administrateurs se botsende belange; (5) skandale wat verband hou met die beoordelaars wat skynbaar gunste doen vir 'n redakteur, uitgewer of skrywer; (6) skandale wat te make het met beoordelaars wat 'n appeltjie te skil het met 'n genomineerde of medebeoordelaar; (7) die tipe skandale wat verband hou met beoordelaars wat "etiquette" ignoreer en van die binnegevegte verbonde aan die beoordelingsproses met die media deel; (8) die weiering van pryse, dikwels juis deur gerekende skrywers met baie simboliese kapitaal.

Paauwe (2017) stel dit dat sekere pryse in die Nederlandse veld met meer omstredenheid gepaardgaan as ander. In Afrikaans blyk veral die Akademiepryse histories meer kritiek en

skandaal in die Afrikaanse veld te ontlok – sien hier Kapp (2009) en Van Jaarsveld (2017) (laasgenoemde skryf spesifiek oor die Hertzogprys vir drama). Van Coller (2010:490) wy ’n hele afdeling aan die weiering van pryse in sy artikel oor die Akademiepryse en wys op die weiering van die Hertzogprys deur figure soos Langenhoven (1927), N.P. Van Wyk Louw (1937) en Breyten Breytenbach (1984) – eersgenoemde twee skrywers as gevolg van die feit dat hulle pryse moes deel en laasgenoemde as gevolg van die politiek van die dag. English (2005:219–21) meen al byna twee dekades gelede dat die veld in so ’n mate verander het dat die weiering van ’n prys nie noodwendig meer dui op wat Bourdieu (1994:154) literêre outonomiteit noem nie. Ook in die Afrikaanse veld het prysweiering ’n rariteit geword. Dit is veral duidelik met De Lange (2021) se onlangse weiering van die Sala-Poësieprys wat heelwat aandag in die hoofstroommedia en op sosiale media ontlok het – op laasgenoemde platforms is dit telkens deur kommentators as “ongewoon” of “uitsonderlik” bestempel. In haar magisterverhandeling vermeld Paauwe (2017:16) dieselfde aangaande prysweiering in die Nederlandse literêre veld: “Inmiddels is deze houding echter gedateerd en wordt de weigering van een prijs gezien als een teken van arrogantie.” Hieruit sou die afleiding gemaak kon word dat die veranderende rol van literatuurpryse en hekwagters toenemend as vanselfsprekend binne die literêre veld aanvaar word.

Van Coller (2010:494) lys voorts die oorsake van die talle skandale wat al rondom die Hertzogprys uitgebreek het. Van sy kategorieë sluit by English (2005) s’n aan – hy wys byvoorbeeld op die feit dat beoordelaars se evalueringskriteria en estetiese waardes onder verdenking geplaas word (die kwessie van sogenaamde Afrikanerwaardes en die persepsie dat gekanoniseerde tekste “moreel” moet wees); die bevraagtekening van die “kundigheid” van beoordelaars, dikwels deur ander kundiges; sprake van botsende politieke belange, hier in die besonder met betrekking tot Suid-Afrika se apartheidgeskiedenis en die sensuurraad; en laastens die kwessie van ondeursigtigheid. Laasgenoemde hou veral verband met die feit dat kortlyste en beoordelaarsverslae dikwels nie bekendgemaak word nie, wat veroorsaak dat beslissings verdag raak en buitestanders persoonlike vooroordele vermoed. Kleyn (2013:110–2) kyk breër as die Hertzogprys en maak ’n opsomming van die tipes skandale wat in die groter Afrikaanse pryslandskap voorkom. Haar voorbeelde is soortgelyk aan dié van English (2005) en Van Coller (2010), hoewel sy ook daarop wys dat die herhaaldelike gebruik van sekere beoordelaars en die herhaaldelike bekroning van sekere individue soms bevraagteken word. Kleyn (2013:111) wys voorts op die kwessie dat verskillende genres in die geval van verskeie Afrikaanse pryse teen mekaar moet meeding en bepaalde genres dan gewoonlik wen.

Die onlangse debat rondom ras (met betrekking tot die Media24-boekpryse) sou bygevoeg kon word as ’n oorsaak van omstredenheid. Hier moet daar aangevoer word dat die Akademie se destyds omstrede negering van die baanbrekende bruin Afrikaanse dramaturg en digter Adam Small (De Vries 1991a; 1991b) duidelik illustreer dat rassediskriminasie nog altyd ’n bron van omstredenheid was as dit by Suid-Afrikaanse literêre pryse kom. Die debat oor Small kom in 2012 weer na vore met die toekenning van die Hertzogprys vir drama aan hom lank ná die meeste van sy werke gepubliseer is. Small se “regstellende” bekroning word bevraagteken deur die Protea-uitgewer Nicol Stassen (Malan 2012), wat meen dat die foute van die verlede nie reggestel is nie, maar bloot vervang is deur nuwe foute: Goeie onlangse dramatekste (talle deur Protea gepubliseer) is (aldus Stassen) nou weer ontneem van ’n bekroning en die reglement van die prys is geïgnoreer. Dieselfde kwessie van rassisme en regstellende aksie wat dus in die breë Suid-Afrikaanse samelewing ’n bron van omstredenheid is, speel ’n rol as dit by literêre toekennings kom. Hier is duidelik weer tekens van homologie tussen die literêre en politieke veld te sien.

Ondeursigtigheid blyk ’n groot oorsaak van bespiegeling en debat by literêre pryse te wees. Vertroulikheid is ’n belangrike faktor as dit by beoordeling kom, maar die feit dat die meganismes en besluitnemings agter die hele prystoekenningsproses meermale nie algemeen bekend is nie, veroorsaak dat dit dikwels as (onnodiglik) geheimsinnig en dus bedenklik beskou word. Met die aanvanklike besluit om die Ingrid Jonker-prys in 2010 nie toe te ken nie (wat omgekeer is ná Kozain se bedanking en die aanstelling van ’n nuwe komitee), word die kwessie van ’n gebrek aan deursigtigheid aangeroer. Die besluit om fynere besonderhede van die reglement van die Ingrid Jonker-pryskomitee eers te hersien voor ’n prystoekenning plaasvind, word vanuit die literêre veld gekritiseer as een wat nie goed verduidelik en/of verantwoord is aan die publiek nie (Kozain 2010). Smuts (2005:8) wys op kritiek wat teen Akademiepryse uitgespreek word dat die commendatio nie voldoende is om ’n bekroning te motiveer nie, aangesien dit ’n aanprysing eerder as motivering van die bekroning van die betrokke teks bó die ander tekste is. Paauwe (2017:73) se studie illustreer inderdaad dat daar minder skandale verbonde is aan pryse wat ’n deeglike beoordelaarsverslag saam met bekronings vrystel (hoewel sy byvoeg dat ander faktore ook ’n rol speel). Smuts (2005:8) voel dat die Akademie se gebruik om slegs ’n commendatio oor die wenner te publiseer, voldoende is, aangesien dit “deeglik gemotiveerde en oortuigende literêre argumente en uitsprake” kan bevat. Om motiverings aangaande die nietoekenning van die prys aan ander tekste te skryf, sien hy ook as onprakties en “kwetsend” teenoor ander finaliste. Etty (2006:43) huldig ’n soortgelyke opinie as Smuts (2005). Volgens haar is dit belangrik dat die beoordelingsproses vertroulik bly, aangesien die argumente wat teen ’n bepaalde teks se bekroning gemaak word, nie “leesbevorderend” sou wees nie. Daarteenoor beskou Leyman en Cottyn (2009:165) die “noodzaak van beter gemotiveerde juryrapporten” as “evident”.

In ’n koerantartikel getitel “Die Hertzogprys gaan aan … Maar wat van die naaswenner(s)?” vra Prins (2013) of dit nie meer deursigtigheid en “gesonde debat oor die meriete van een boek teenoor ’n ander” aan literêre pryse sou verleen as die “sterkste aanspraakmakers” saam met die wenner bekend gemaak word nie. In die artikel haal Prins verskeie beoordelaars van pryse aan en vermeld botsende opinies oor dié saak. Dit is opvallend dat verteenwoordigers van die onderskeie pryse wat geraadpleeg word, meen dat die prosedure wat húlle prys volg, die beste verantwoord is. Hierdie verskynsel word ook vermeld deur English (2005:122) wat sê dat hoewel beoordelaars sal erken dat daar verskeie faktore betrokke is by toekennings, hulle dit self gewoonlik stel dat hulle die mees literêr-verantwoorde keuse gemaak het as beoordelaar en die beste praktyke gevolg word ten opsigte van die bekroning waarby hulle betrokke is. Marné Pienaar, sameroeper van die UJ-pryse op daardie stadium, het gevoel dit is belangrik om kortlyste bekend te maak, soos wat die UJ-pryse ook doen. Sy sê hieroor aan Prins (2013): “Ek dink dit dra by tot die statuur van die prys in die sin dat dit gesprek en afwagting ontlok en dit gee ook ’n kopknik aan naaswenners wat hopelik ook as aanmoediging gelees sal word.” Volgens Danie Marais, tydens die onderhoud die sameroeper van die Ingrid Jonker-prys, is dit nie die gewoonte met betrekking tot dié prys om kortlyste bekend te stel nie, hoewel geen beletsel daarop is nie. Hy noem verder aan Prins dat beoordelaars ook dikwels in hulle kommentaar of commendatio’s ander sterk aanspraakmakers vermeld sodat daar wel sprake is van kortlyste wat by hierdie prys figureer. Hy meen dat hierdie kortlyste dan ook ’n goeie ding is en die proses daarby sal baat vind.[8] Louise Viljoen, toe voorsitter van die Letterkundekommissie (LK) wat die Akademie se letterkundepryse toeken, neem nie werklik standpunt in oor die Akademie se niegebruik van kortlyste nie, hoewel Thys Human, vroeër beoordelaar van die UJ-prys en later ook ’n lid van die LK, voel dat die LK ’n “gedugte span” is wie se “literêre oordeel […] absoluut bo verdenking” is (Prins 2013). Hy meen verder dat in jare waarin die kompetisie nie sterk is nie, ’n bekendmaking van kortlyste die Akademiepryse

se prestige kan aantas en die proses onnodig kan vertraag (Prins 2013). Prins herhaal hierdie versoek vir kortlyste in 2020 en skryf in 'n artikel dat die aankondigings rondom kortlyste ook tot "hype" kan lei en "die boeke en skrywers op 'n kortlys geweldig baie baat kon vind uit 'n bemarkingsoogpunt" (Prins 2020). In 2021 maak die LK dan ook vir die eerste keer kortlyste saam met die name van die bekroondes bekend (Anoniem 2021b).

Verdaasdonk (2008:141) maak die stelling in 'n hoofstuk oor wie in aanmerking kom vir die P.C. Hooft-prijs, waarskynlik die mees gekanoniseerde literêre prys binne die Nederlandstalige veld, dat 'n "juryrapport" of huldigingswoord in werklikheid oorbodig is, aangesien dit verkeerdelik die indruk skep dat daar bepaalde intrinsieke eienskappe is wat die toekenning bepaal het, terwyl daar volgens hom ander, eksterne faktore is wat die bekroning meebring. Hy haal Bourdieu aan en wys daarop dat die veld 'n geloof in die reëls wat dit reguleer, vereis. Die jurieverslag is dus die paneel se manier om te voldoen aan die vereistes van die veld en sodoende word die illusie geskep dat tekste intrinsieke waarde het wat toekennings bepaal.

Al die bogenoemde tipes skandale het uiteindelik met twee sake te make: die kwessie van sowel politieke as sosiale kapitaal en die idee van kulturele sportmanskap. Volgens English (2005:194) kan daar gepraat word van die normale politiek van pryse:

> As we have seen, social capital is often an even more important factor than symbolic capital (and far more important than money) in persuading a prestigious artist or critic to serve as a judge; it is an indispensable currency for any new cultural prize. By the common or journalistic definition, therefore, prizes are unavoidably "political" from the moment of their inception, and hence always open to scandals of this kind.

Kulturele "sportmanskap" hou verband met die ongesproke, maar kollektief aanvaarde reëls van die veld: Beoordelaars is veronderstel om integriteit te hê en besluitnemingprosesse geheim te hou, terwyl genomineerdes wat nie bekroon word nie, "goeie" verloorders moet wees en bekroondes hulle soos waardige wenners moet gedra (English 2005:195). Ook Street (2005:819–20) gebruik die sportmanskap-metafoor om literêre pryse te beskryf: "Arts prizes have become a kind of spectator sport, attracting considerable media speculation and discussion, and accompanied by organized betting." Hy wys verder daarop dat pryse 'n spesifieke soort mediagebeurtenis is wat praktiese implikasies inhou vir kulturele beleid en kulturele diskoers én wat teoretiese implikasies inhou ten opsigte van argumente omtrent estetika.

English (2005:196) maak herhaaldelik die stelling dat hierdie skandale nie net te doen het met skindernuus aangaande beroemdes en kleinlike politiek wat afbreuk doen aan die prys nie, maar dat dit te make het met die "Artist" as 'n spesiale individu en die produksie van geloof in "Art" as 'n spesiale tipe aktiwiteit: "[T]he scandalous currency that prizes put into circulation functions not to deflate this belief but, on the contrary, to keep it aloft, assuring its persistence in the face of heavily contrary historical pressures." Die diskoers rondom prystoekenning-skandale noem English (2005:212) "antiprize rhetoric". Dit word dikwels deur borge en administrateurs van pryse aangemoedig aangesien dit die kollektiewe geloof in elemente soos estetiese waarde en die feit dat dit moontlik is om "die beste" kunswerk te identifiseer, bevestig. Sowel Leyman en Cottyn (2009:164) as Street (2005:830) maak soortgelyke stellings. Laasgenoemde wys op die feit dat skindernuus en omstredenheid deur prysorganiseerders gebruik word om pryse te bemark: "As one culture industry executive noted, 'you have to have controversy.'" Máár, Street (2005:830) beklemtoon (soos Best 2008:17) dat dit die régte tipe omstredenheid moet wees: "Some prize organizers live in fear of the 'wrong' sort of

controversy – rumours of corruption as opposed to arguments over artistic worth." Uiteindelik blyk dit dus ook uit Street en Best se artikels dat die skandale en omstredenheid wat met literêre pryse gepaardgaan, gesprekke oor literêre waarde in die eietydse literêre veld vooropstel – meer as in enige ander instelling binne die veld.

Paauwe (2017:73) se gevolgtrekking aangaande die funksie van skandale is veel meer ekonomies as literêr. Sy meen dat as daar meer omstredenheid rondom 'n prys is, daar meer media-aandag is en omgekeerd – 'n prys met "lage entertainmentgehalte" gaan gewoon nie soveel aandag trek vir die prysadministrateurs en die bekroondes nie. Ook Driscoll (2013:119) het dit oor die bydrae wat literêre pryse saam met sosiale media lewer om kulturele kapitaal om te skakel in sosiale en ekonomiese kapitaal. Hierdie aspek is vir laasgenoemde kernaktiwiteite binne die huidige literêre veld: "[T]he emerging dominance of literary prizes and the spread of social media may shape the development of the twenty-first century literary field."

7. Ten slotte

Die persepsie bestaan dat literatuurpryse bloot mededinging tussen tekste behels waar die wenner 'n toekenning losslaan wat 'n bepaalde beloning inhou. Die werklikheid is dat die toekenningsproses binne die literêre veld verreikend is en verskeie rolspelers beïnvloed. Soos Best (2008:9) dit stel, wen die organisasies wat pryse toeken nét soveel in die prystoekenningsproses as die bekroondes danksy die simboliese kapitaal wat verwerf word. Naas hierdie organisasies en die bekroondes ontvang verskeie individuele rolspelers ook simboliese en sosiale kapitaal in die proses – onder meer genomineerdes, beoordelaars, uitgewers, individuele borge en ander. Dit is inderdaad 'n kanoniseringsmeganisme wat bydra tot die vorming van die literêre veld vandag. Nie net bring dit kapitaaluitruiling en magspel mee nie, maar dit lei ook tot die produksie van geloof in die estetiese waarde van letterkunde wat volgens Bourdieu (1993:76) noodsaaklik is vir die funksionering van die literêre veld. Selfs die omstredenheid, debatte en skouspel wat met bekronings gepaardgaan, is deel van die verskynsel van literatuurpryse en behoort as sodanig beskou te word en as 'n faset van wat Street (2005:832–3) die "narrative of the prize" noem.

Voorts kan dit gestel word dat hekwagters in die literêre veld aan die verander is, met sosiale media en die ekonomiese veld wat 'n al groter impak het op wat in kultuurvelde gebeur. Binne hierdie proses speel literatuurpryse 'n beduidende rol. Stinson (2013:210) merk tereg op: "Major literary prizes have become the key mediator of literary value for the broader book-reading public that does not attend literary events, or regularly read book reviews in newspapers or publications." Tradisionele literêre institusies se posisie is aan die verander in 'n era waarin kanonisering, wat nog altyd 'n dinamiese proses was, al vinniger plaasvind. Literêre toekennings weerspieël verder die sosiale, politieke en ekonomiese faktore wat binne hierdie bepaalde tydsgees 'n rol in die samelewing speel. Dit *regverdig* dus nie net ondersoek vanuit akademiese geledere nie, maar *noodsaak* dit – net soos ander vorme van literêre evaluering en kritiek. Wat Afrikaanse literêre pryse betref, is daar veral meer akademiese navorsing nodig. Ten spyte van die media-aandag wat bekronings ontlok en die publiek se belangstelling daarin, is historiografiese inligting oor pryse skraps en onvolledig. Rekords van vorige pryswenners en inligting oor die stigting en bestuur van pryse wat beskikbaar gestel word op pryskomitees se webtuistes, soos in Nederland en België die geval is, sou hierdie soort navorsing ook aansienlik kon vergemaklik en bevorder.

Bibliografie

Anand, N. en B.C. Jones. 2008. Tournament rituals, category dynamics, and field configuration: The case of the Booker Prize. *Journal of Management Studies*, 45(6):1036–60.

Anoniem. 2013. Media24 Boeke vereer Elisabeth Eybers met poësieprys. LitNet. http://www.litnet.co.za/media24-boeke-vereer-elisabeth-eybers-met-posieprys (10 Desember 2020 geraadpleeg).

—. 2019a. Media24 Boeke literêre pryse vir 2019 bekend. LitNet. https://www.litnet.co.za/media24-boeke-literere-pryse-vir-2019-bekend (15 Januarie 2021 geraadpleeg).

—. 2019b. Ingrid Jonker-prys reglement. LitNet. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/01/Ingrid-Jonker-prys-Reglement-2019.pdf (18 Januarie 2021 geraadpleeg).

—. 2020. kykNET-*Rapport*-boekpryse 2020: wenners aangekondig. LitNet. https://www.litnet.co.za/kyknet-rapport-boekpryse-2020-wenners-aangekondig (20 Mei 2021 geraadpleeg).

—. 2021a. Anker wen 3de keer UJ-prys. *Netwerk24*, 31 Maart.

—. 2021b. SA Akademie vir Wetenskap en Kuns: Bekronings vir 2021. LitNet. https://www.litnet.co.za/sa-akademies-vir-wetenskap-en-kuns-bekronings-vir-2021 (20 Mei 2021 geraadpleeg).

Berger, L. 2006. Geen extra verkoop na P.C. Hooft-prijs. *NRC Handelsblad*, 19 Mei.

Bernaerts, L. 2017. Het platform literatuur en sameleving. Hoe kunnen onderwijs, onderzoek en kritiek de letteren beter op de kaart zetten? *Ons Erfdeel*, 60:179–82.

Best, J. 2008. Prize proliferation. *Sociological Forum*, 23(1):1–27.

Bloom, H. 2005. An elegy for the canon. [Oorspronklik gepubliseer in: *The Western canon: The books and schools of ages*, 1994]. In Morrissey (red.) 2005:241–57.

Bonthuys, M. 2016. 'n Vergelykende ondersoek na die toekenning van debuutpryse vir Afrikaanse en Nederlandstalige poësie, 1990–2009. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Boonzaaier, C. 2021. Dit is 2020 se gewildste Afrikaanse boeke. *Netwerk24*, 13 Januarie.

Boonzaaier, D. 2020. Media24 Boeke sê jammer oor wit paneel. *Rapport*, 24 Junie.

Bourdieu, P. 1993. *The field of cultural production*. Onder redakteurskap van R. Johnson. Cambridge: Polity Press.

—. 1994. *De regels van de kunst. Wording en structuur van het literaire veld*. Vertaal deur: R. Hofstede. Amsterdam: Van Gennep.

Brink, L. 2021. Akademiepryse. Koördineerder: Projekte. SAAWK. E-pos-korrespondensie, 30 September.

Childress, C., C.M. Rawlings en B. Moeran. 2017. Publishers, authors, and texts: The process of cultural consecration in prize evaluation. *Poetics*, 60:48–61.

De Goede, R. 2020. Ingrid Jonkerprys 55 jaar! Versindaba. https://versindaba.co.za/2020/07/25/ingrid-jonker-prys-55-jaar (18 Januarie 2021 geraadpleeg).

De Greve, L. en G. Martens. 2021. #Bookstagram and beyond. The presence and depiction of the Bachmann Literary Prize on social media (2007–2017). *Digital Humanities Benelux Journal*, 3:81–102.

De Kock, L. 2009. Judging new "South African" fiction in the transnational moment. *Current Writing*, 21(1/2):24–48.

De Lange, J. 2021. Johann de Lange wys SALA-Poësieprys van die hand. Versindaba. https://versindaba.co.za/tag/sala-poesieprys (20 November 2021 geraadpleeg).

Demoor, M., F. Saeys en S. Lievens. 2008. "And the winner is?" Researching the relationship between gender and literary awards in Flanders, 1981–2000. *Journal of Gender Studies*, 17(1):27–39.

De Nooy, W. 1988. Gentlemen of the jury. The features of experts awarding literary prizes. *Poetics*, 17:531–45.

—. 1991. Social networks and classification in literature. *Poetics*, 20:507–37.

De Vries, A.H. 1991a. Het Hertzogprys 'n tweederangse Artes geword? *Beeld*, 6 Mei.

—. 1991b. Die Akademie en die sewe slapende skones. *Beeld*, 21 Mei.

De Vries, W. 2011. Esterhuizen kry Protea-prys. *Die Burger*, 26 September.

Dorleijn, G.J., R. Grüttemeier en L. Korthals Altes (reds.). 2010. *Authorship revisited. Conceptions of authorship around 1900 and 2000*. Leuven, Parys, Walpole: Peeters.

Dorleijn, G.J. en K. van Rees (reds.). 2006. *De productie van literatuur. Het literaire veld in Nederland. 1800–2000.* Nijmegen: Vantilt.

Driscoll, B. 2013. Twitter, literary prizes and the circulation of capital. In Stinson (red.) 2013.

English, J.F. 2005. *The economy of prestige: Prizes, awards, and the circulation of cultural value*. Cambridge: Harvard University Press.

Erasmus-Alt, J. 2019. Die bydrae van nie-artistieke praktyke tot die literêre sukses van eksemplariese Afrikaanse tekste. 'n Ondersoek na beeldvorming. Doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

Esterhuizen, L. 2012. Louis Esterhuizen. Om vir ’n fees totsiens te sê. Versindaba. https://versindaba.co.za/2012/04/25/louis-esterhuizen-om-vir-n-fees-koebaai-te-se (10 Februarie 2020 geraadpleeg).

Etty, E. 2006. Niet tegen elke prijs. Een criticus in een literaire jury – kan dat wel? *De Revisor*, 33:41–6.

Galloway, F. 2014. Die belang van literêre toekennings binne die Afrikaanse literêre sisteem. LitNet. http://www.litnet.co.za/Article/die-belang-van-literre-toekennings-binne-die-afrikaanse-literre-sisteem(10 Februarie 2020 geraadpleeg).

Heymans, F. 2001. *Het goud van de Vlaamse letteren. 170 jaar prijzen voor de Nederlandse literatuur in België.* Gent: Snoeck-Ducaju & Zoon.

Hinderer, W. 1969. Literary value judgements and value cognition. In Strelka (red.) 1969.

Hirsch, E.D. 1969. Privileged criteria in literary evaluation. In Strelka (red.) 1969.

Huggan, G. 1997. Prizing “otherness”: A short history of the Booker. *Studies in the Novel*, 29(3):412–33.

Janssen, S. 1994. *In het licht van de kritiek. Variaties en patronen in de aandacht van de literatuurkritiek voor auteurs en hun werken*. Hilversum: Verloren.

JRB. 2020. Writers condemn the lack of diversity in the 2020 Media24 Books Literary Prizes. *Johannesburg Review of Books*, 19 Junie.

Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 2*. Kaapstad: Academica.

Kapp, P. 2009. *Draer van ’n droom. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.* 1909–2009. Hermanus: Hemel & See Boeke.

Kleyn, A.J.T. 2013. ’n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000–2009: Kanonisering in die Afrikaanse literatuur. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Kozain, R. 2010. Die nie-toekenning van die Ingrid Jonker-prys. Versindaba. http://versindaba.co.za/2010/09/09/persvrystelling-die-nie-toekenning-van-die-ingrid-jonker-prys (15 Desember 2020 geraadpleeg).

Leyman, D. 2007. Literaire prijzen: De etalagekast van de literatuur. *Deus ex Machina*, 120:60–2.

Leyman, D. en H. Cottyn. 2009. Schrijvers en de verloren eer van literaire prijzen. *Dietse Warande en Belfort*, ble. 156–66.

Malan, M. 2012. Onmin oor Small se prys kom nie tot rus. *Rapport*, 31 Maart.

Marais, D. 2010. Persverklaring: Nuwe Ingrid Jonker-pryskomitee. Versindaba. https://versindaba.co.za/2010/09/20/persvrystelling-nuwe-ingrid-jonkerprys-komitee (15 Januarie 2021 geraadpleeg).

Meizoz, J. 2010. Modern posterities of posture. Jean-Jacques Rousseau. In Dorleijn, Gruttemeier en Korthals Altes (reds.) 2010.

Morrissey, L. (red.). 2005. *Debating the canon. A reader from Addison to Nafisi.* New York: Palgrave Macmillan.

Norris, S. 2006. The Booker Prize: A Bourdieusian perspective. *Journal for Cultural Research*, 10(2):139–58.

Paauwe, C.J. 2017. Het literaire prijzencircus. Onderzoek naar de positie van literatuurprijzen in het Nederlandse literaire veld. Magisterverhandeling, Radboud Universiteit Nijmegen.

Pople, L. 2019. Buys ontvang die WA Hofmeyr-prys. *Netwerk24*, 14 Junie.

Prins, J. 2013. "Die Hertzogprys gaan aan …" Maar wat van die naaswenner(s)? *Die Burger*, 20 April.

—. 2020. Boekevat: Akademie verpas "hype"-bus met g'n kortlyste. *Netwerk24*, 1 Junie.

Seakhoa, M.R. 2012. South African Literary Awards (SALA). Doelstellings en prosedure. Versindaba. http://versindaba.co.za/tag/sala (13 Januarie 2021 geraadpleeg).

—. 2021. Response to SALA winner's "resignation of the SALA award". Versindaba. https://versindaba.co.za/tag/sala-reaction-to-johann-de-lange (20 November 2021 geraadpleeg).

Senekal, B. 2013. 'n Ontleding van Hertzogpryswenners se uitgeweryprofiele in terme van die Afrikaanse literêre netwerk en met behulp van Sosiale-netwerk-analise (SNA). *LitNet Akademies*, 10(3):362–87. https://litnet.co.za/assets/pdf/joernaaluitgawe_10_3/10(3)_GW_Senekal.pdf

Smuts, J.P. 2005. Die Akademie se letterkundepryse. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(1):1–14.

Spinoy, E. 2008. Het zoekgeraakte bijproduct. Over literaire prijzen. *Freespace Nieuwzuid*, 8(32):6–23.

Stinson, E. 2013. Small publishers, symbolic capital and Australian literary prizes. In Stinson (red.) 2013.

Stinson, E. (red.). 2013. *By the book? Contemporary publishing in Australia*. Monash University Press.

Street, J. 2005. "Showbusiness of a serious kind": A cultural politics of the arts prize. *Media, Culture & Society*, 27(6):819–40.

Strelka, J. (red.). 1969. *Problems of literary evaluation. Yearbook of comparative criticism. Volume II.* University Park: Pennsylvania State University Press.

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. s.j. http://www.akademie.co.za/aktiwiteite/pryse (15 Januarie 2021 geraadpleeg).

Van Coller, H. 1995. Die politieke magspel rondom taal en letterkunde in die nuwe Suid-Afrika. *Tydskrif vir Letterkunde*, 33(3):47–57.

—. 2010. 'n Kritiese blik op enkele van die literêre pryse van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(4):484–501.

Van Gorp, H., D. Delabastita en R. Ghesquiere. 2007. *Lexicon van literaire termen*. Mechelen: Wolters Plantyn.

Van Jaarsveld, A. 2017. Die Hertzogprys vir drama: Griekse tragedie, Middeleeuse moraliteitspel of negentiende-eeuse realiteit – die problematiek en uitdagings binne die drama-"industrie" en die invloed daarop by die toekenningsproses. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):387–411.

Van Rees, K., S. Janssen en M. Verboord. 2006. Classificatie en literaire veld 1975–2000. Diversificatie en nivellering van grenzen tussen culturele genres. In Dorleijn en Van Rees (reds.) 2006.

Vanstaen, S. 2009. Hoera voor het boek! Onderzoek naar de functie, werking en receptie van literaire prijzen voor jeugdliteratuur in Vlaanderen. Magisterverhandeling, Katholieke Universiteit Leuven.

Venter, M.R. 2006. Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990–2005). 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Verdaasdonk, H. 2008. *Snijvlakken van de literatuurwetenskap*. Nijmegen, Amsterdam: Vantilt.

Verroen, S. 1995. Literaire prijzen, wat moeten we ermee? *Ons Erfdeel*, 38(2):244–9.

Viljoen, H. 2013. [1992]. Evaluering (literêre). *Literêre terme en teorieë*. https://literaryterminology.com/index.php/e/286-evaluering-literere (15 September 2020 geraadpleeg).

Eindnotas

[1] *Literary prizes and cultural transfer* onder redakteurskap van Petra Broomans, Mathijs Sanders, Jeanette den Toonder en Elise Bijl verskyn ook einde 2021, ná die voltooiing van hierdie artikel.

[2] Sien Venter (2006:176–83), Kleyn (2013:102–17), Bonthuys (2016:118–27) en Erasmus-Alt (2019:111–7) vir uitgebreide besprekings van die meeste bekende en belangrike literêre pryse wat in die afgelope dekades aan Afrikaanse literêre werke toegeken is.

[3] Wat die poësieveld betref, moet die uitgewery Naledi ook vermeld word as belangrike uitgewer van Afrikaanse digbundels. In die periode waarin die Protea Poësieprys toegeken is, was dit egter nog splinternuut (Naledi is in 2005 gestig) en het dit nog nie ’n noemenswaardige bydrae op die terrein van digbundelpublikasies gelewer nie. Soos Venter (2006:567) aandui, verskyn báie Afrikaanse digbundels verder in die vorm van selfpublikasies.

[4] Street (2005:821), wie se geskiedenis van pryse dikwels verskil van dié van English (2005), verwys na die ontstaan van pryse in die 14de eeu en na die Prix de Rome wat in 1663 in Parys tot stand gekom het as een van die eerste kunspryse. In ooreenstemming met English wys hy ook op die groot rol wat die akademies in die skep van pryse gespeel het – die Académie Goncourt het byvoorbeeld die Prix de Rome toegeken.

[5] Sien Kapp (2009) se *Draer van ’n droom*. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* vir uitgebreide navorsing oor die Akademiepryse.

[6] De Nooy (1988:535) beskou debuut- of aanmoedigingspryse vir onbekende skrywers as die mins gekanoniseerde pryse, om die volgende rede: “In general, the incentive prize will be lowest in prestige, because at the time of presentation, there is a considerable risk that the laureate may not live up to the expectations raised by the prize.”

[7] Die geldwaarde van die Hertzogprys was in 2021 R75 000 (Brink 2021).

[8] In die reglement van die Ingrid Jonker-prys (Anoniem 2019b) verskyn geen vermelding van die bekendmaak van ’n kortlys nie, hoewel ’n vinnige internetsoektog jaarlikse vermeldings van kortlyste vir die prys sedert 2011 oplewer.